


Inhoud


Finansiële hoogtepunte	2
Groepstruktuur	4
Visie en Profiel	5
Nie-uitvoerende Direkteure	6
Voorsittersverslag	8
Uitvoerende Direkteure	10
Uitvoerende Bestuur	11
Bedryfsoorsig	12
Finansiële oorsig	24
Korporatiewe beheer	25
Groepoorsig	32
Definisies	34
Staat van toegevoegde waarde	35
Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie	36
Verklaring van die Sekretaris	36
Finansiële state	
Verslag van die onafhanklike ouditeure	37
Statutêre direkteursverslag	38
Rekeningkundige beleid	40
Balansstaat	46
Inkomstestaat	47
Staat van verandering in ekwiteit	48
Kontantvloeistaat	49
Aantekeninge	50
Korporatiewe inligting	82




Finansiële hoogtepunte




Inkomste –
uit voortgesette bedrywighede




Netto wins voor belasting




Wesensverdienste
per aandeel –
voor abnormale items




Kontantwins




Eie kapitaal verhouding



Kontantvloei 2005 vs netto korttermyn-leningsposisie



Netto batewaarde per aandeel



Kwaliteit van verdienste

Totale dividende
betaal
47,5 c

Sent per aandeel

Jaareind dividend 2004

5,5

100% ↑

Interim dividend

4,5

100% ↑

Spesiale dividend

37,5


100% ↑

Finale dividend
voorgestel

Sent per aandeel


5,5 c

0% →




17%

Verdienste
97 c per aandeel



21%

Wesensverdienste
50 c per aandeel



21%

Wesensverdienste
voor abnormale items
60 c per aandeel



9%

Netto batewaarde
307 c per aandeel
(Senwesbel – 371 c per aandeel)

Kwaliteit
van verdienste

1,46


Opbrengs
op gemiddelde
aandeelhoudersbelang

33%

Positiewe kontantvloei

R246 m

Groepstruktuur



Visie en Profiel

VISIE

Senwes is 'n geïntegreerde landboubesigheid wat 'n leiersrol vervul in insetverskaffing en marktoegang vir produsente. Met ons mense as hoeksteen, 'n stewige infrastruktuur en gesonde kernwaardes, fokus Senwes op volhoubare waardeskepping en winsgewendheid vir alle belanghebbendes.

PROFIEL

Senwes is 'n landboumaatskappy wat hom toespits op:

- Insetverskaffing aan die produsent;
- Marktoegang vir primêre landbougewasse; en
- Waardetoevoeging vir rolspelers in dié ketting.

Sedert die onderneming 96 jaar gelede gestig is, het dit gegroei en gediversifiseer en het Sentraalwes oor die jare 'n leidende rol in die Suid-Afrikaanse landboubedryf gespeel.

Op 10 April 1997 is die koöperasie omgeskakel na 'n publieke maatskappy bekend as Senwes. Senwes is ekstensief bedrywig in die graanbedryf, kleinhandel, meganisasiebesigheid asook landboukundige dienste en bedryf 'n versekeringsmakelary, met teenwoordigheid in die Vrystaat, Noordwes, Noord-Kaap en Gauteng Provinsies.

Die goedgeplaaste silo-infrastruktuur bied 'n kapasiteit van 4,6 miljoen ton – wat meer as 25% van die totale Suid-Afrikaanse kommersiële opberging verteenwoordig. Sowat 32% van die land se graan en oliesade word hier opgeberg en gehanteer.

Wat kleinhandel en meganisasie betref, is Senwes ingestel op eksklusiewe en mededingende waarde- en dienspakkette vir landbouprodusente. Verdere waarde word toegevoeg deur relevante insetkostefinansieringspakkette. Die onderneming se nywerhede behels die produksie en verwerking van veevoere, saad en wyn.

Senwes ondersteun die ontwikkeling en vestiging van nuwe boere deur die aanwending van landboukundige kapasiteite in geïdentifiseerde projekte in die Senwes-gebied.

Met integriteit, aanspreeklikheid, innovasie, besigheidsoriëntasie, selfmotivering en lojaliteit aan Senwes as kernwaardes, is die sakeprioriteit ingestel op volhoubare waardeskepping en die lewering van 'n mededingende produk- en dienspakket.



Nie-uitvoerende Direkteure



JAPIE GROBLER (53)
(Voorsitter)
Bluris, LLB
Dertien jaar op die Direksie



DANIE MINNAAR (40)
(Ondervoorsitter)
BCom
Ses jaar op die Direksie



JOHAN ALBERTS (62)
SSAF, BCom(Ekon), STR, GR(SA)
Vyf jaar op die Direksie



JAN BOTMA (38)
Vyf jaar op die Direksie



JANNIE ELS (59)
Landboudiploma
Vyf jaar op die Direksie





THYS LOURENS (57)

BScAgric

Vyf jaar op die Direksie



GEORGE MAGASHULA (43)

BSc(Chem), Nasionale Diploma (Analitiese Chemie),

Nagraadse kwalifikasie (Besigheidsbestuur)

Twee jaar op die Direksie



BERTUS MOSTERT (39)

BProc

Twee jaar op die Direksie



JIMMY SHAHIM (47)

BAgric Boerderybestuur

Vyf jaar op die Direksie



WH VAN ZYL (63)

Drie jaar op die Direksie

Voorsittersverslag

Die sukses van die waardeskepping en -ontsluitingstrategie wat deur die Direksie aanvaar is, word weerspieël in die uitstekende resultate wat vanjaar deur Senwes behaal is. Die netto wins na belasting van die Senwes Groep beloop R195 miljoen, teenoor die vorige jaar se R168 miljoen – wat 'n 16% groei in netto wins verteenwoordig.

BESIGHEIDSOORSIG

Die ekonomiese landskap waarbinne Suid-Afrikaanse landboubesighede sake doen, is bekend vir die wisselvallige toestande wat dit bied. Dit vereis innovasie, vernufdigheid en fokus om sakemomentum daarbinne op te wek en te handhaaf.

Senwes het hierdie realiteite veral in die gesig gestaar toe die maatskappy 'n paar jaar gelede finansiële 'n onderste draaipunt bereik het. Die visie om Senwes weer uit te bou tot die mees gerespekteerde landboubesigheid wat verbind is tot 'n proses van waardeskepping en waardeontsluiting vir sy aandeelhouders, het egter nie net 'n droom gebly nie. Die moue is opgerol en strategieë en aksieplanne om die driejaar omdraaistrategie en groeistrategie te implementeer, werp vrugte af – hoewel die proses om Senwes se dienspunt-netwerk in lyn te bring met die risikoprofiel daarvan, vanjaar voortgesit sal word.

Die wins-telbord dui daarop dat 'n terugkeer na kernbesigheid met 'n invalshoek van insetverskaffing en marktoegang 'n suksesvolle strategie is. 'n Volgende uitdaging is om die beplande groeistrategie voort te sit. Senwes is goed geposisioneer om die uitdagings van die toekoms te aanvaar, hoewel dit onwaarskynlik is om vanjaar se prestasie te herhaal indien graanpryse op die huidige lae vlakke vertoef. Dit geld vir Senwes, maar ook vir

produsente. Senwes het in hierdie verband reeds gevorder met die beplanning vir nuwe seisoen opsies vir produsente.

Langtermyn oorlewing is opgesluit in 'n Senwes wat meer effektief is as die omstandighede en oor die vlugvoetigheid beskik om by nuwe en veranderende omstandighede aan te pas. Senwes moet nou fokus op die kenmerke wat ons besigheid van dié van ons mededingers onderskei. Ongeag of dit organiese groei is of transaksies wat oorweeg word: dit moet steeds geskik, haalbaar en tot voordeel van Senwes se groeistrategie wees.

Senwes se verbintenis tot 'n proses van waardeskepping, waardeontsluiting vir sy aandeelhouders en fokus op kernbesigheid het daartoe gelei dat die belegging in Pionier Voedsel Beperk vervreem is toe 'n aanvaarbare prys aangebied is. Die bereiking van optimale vlakke in die balansstaat en ratverhouding het Senwes in staat gestel tot die spesiale dividend wat aan aandeelhouders uitgekeer is. Dit kon bydra tot die verbetering van heelparty produsente se leningsposisie en kontantvloei tydens moeilike landbou-omstandighede.

Gegewe die verswakte kommoditeitspryse sal die komende jaar selfs meer uitdagend wees vir beide produsente en Senwes om gestelde winsdoelwitte te handhaaf. Innovasie, maar ook omsigtigheid, sal van kritiese belang wees ten einde die komende jaar suksesvol te wees.

TOEKOMSTIGE STRATEGIE

Senwes se toekomsstrategie verleen prioriteit aan die volgende aspekte:

BEDRYFSEFFEKTIVITEIT

Met die kernfokus steeds op insetverskaffing en marktoegang is die strewe deurentyd 'n gesonde balans tussen prys, kwaliteit en klantediens.

GROEI

Potensiële vennootskappe, alliansies en moontlike konsolidasies word ondersoek.

Deurdagte uitbreiding na ander geografiese gebiede is ook onafwendbaar.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB)

Die Direksie het vanjaar 'n beleidsdokument oor Senwes se SEB aanvaar. 'n Interne telkaart is aanvaar en daar word reeds daarteen gemeet. Die jaarverslag bevat ook vir die eerste keer inligting in hierdie verband.

Daar sal prioriteit aandag gegee word om 'n SEB ekwiteitstransaksie te beklank. Dit sal die telkaart 'n hupstoot gee wat saam met vordering op die ander elemente van SEB, Senwes moet neem na 'n goeie bydraer tot SEB. Dit is nodig om binne die sosio-politieke omgewing Senwes se markruimte te verseker deur sy produkte en dienste kwalifiserend te kry.

MAATSKAPPYSTRUKTURE EN AANDELEVERHANDELING

Wingsgewendheid is bereik en 'n nuwe dividendbeleid is gevestig. Voorts behoort die beheermeganisme en die vryer verhandeling van aandele aandag te geniet. 'n Strategie oor die roete na waardeontsluiting wat Senwes moet volg, is reeds deur die Direksie aanvaar en word tydens 'n reeks inligtingsvergaderings in aanloop tot die algemene jaarvergadering met aandeelhouders bespreek. 'n Aantal besluite word tydens die jaarvergadering verlang om uitvoering te kan gee aan die strategie.

BEDANKINGS

Gedurende die afgelope jaar het ons klante, finansiers, verskaffers, handelsvennote, bestuurspan en personeel weer eens hul steun vir Senwes getoon deur hul ondersteuning, lojaliteit en toegewyde werk.

Vir my en die Direksie is dit 'n riem onder die hart, want as ons as vennote nie kan hande vat nie, is daar gewis nie 'n rooskleurige toekoms wat vir Senwes as landboubesigheid wink nie.

My persoonlike dank ook aan my mede-direkteure vir hul rigtingvastheid en geloof in die toekoms en potensiaal van Senwes.

Johan Dique en sy bestuurspan verdien besondere vermelding vir die waarde wat hulle toevoeg. 'n Span is so doeltreffend soos sy leierskap en Senwes se vordering wat betref finansies, maar ook die ervaring wat ons klante op grondvlak van die onderneming het, spreek van 'n doeltreffendheid wat deurskemer op alle vlakke.

Ten diepste is die groter perspektief dat wat ons individueel en kollektief vermag inderdaad net genade van ons Vader wat in die hemel is. Mag ons elkeen, soos Senwes, die doelwitte bereik waarvoor ons geskep is en Sy seën en teenwoordigheid elke dag ervaar.



Japie Grobler
Voorsitter




Uitvoerende Direkteure



Johan Dique
Besturende Direkteur



Francois Strydom
Direkteur Bedryf



Steven Alberts
Direkteur Finansies

Uitvoerende Bestuur



JOHAN DIQUE (49)
Besturende Direkteur
sedert Augustus 2001
BCom(Hons), GR(SA)



FRANCOIS STRYDOM (45)
Direkteur Bedryf
sedert Junie 2002
BScAgric(Hons) (Veekunde)
Oorhoofs verantwoordelik vir
Handel, Versekering, Graan
en Nywerhede



STEVEN ALBERTS (39)
Direkteur Finansies
sedert Maart 2005
BRek, BCompt(Hons), GR(SA)
Oorhoofs verantwoordelik vir
Finansies, Inligtingstelsels en
Produsente Finansiering



JOE MASWANGANYI (39)
Hoofbestuurder Korporatiewe
Dienste sedert Maart 2004
BCom, Dip. (Bes. admin), BOP
Oorhoofs verantwoordelik vir
Groep Strategie, Menslike
Hulpbronne, Korporatiewe
Bemarking, Landboudienste
en Hoofkantoor dienste



ANTON LUBBE (54)
Hoofbestuurder Graan sedert 1997
BCom, Bedryfsadministrasie (Hons),
MBA, MCom, PhD




FRANS DU PLESSIS (42)
Hoofbestuurder Handel
sedert Junie 2003
BCom



ELMARIE JOYNT (35)
Groepsekretaris en Regsadviseur
sedert Februarie 2002
BCom Regte (LLB),
Prokureur van die Hoërhof, Aff. CIBM



ANDRÉ ERASMUS (42)
Groep Interne Ouditeur
sedert Januarie 2002
MCom



CORNÉ KRUGER (32)
Assistent Hoofbestuurder Finansies
sedert April 2005
BRek, BCompt(Hons), GR(SA)

Bedryfsoorsig

INLEIDING

Senwes het ten spyte van moeilike landbou-omstandighede en eksterne faktore soos wisselkoersbewegings weens tydige optrede en gepaste herstruktureringssaksies, die uitdagings effektief die hoof gebied en 'n uitstekende resultaat afgelewer.

As 'n leidende rolspeler in die Suid-Afrikaanse landboubedryf, is Senwes se posisie gedurende die jaar onder oorsig op verskeie maniere versterk en 'n verskerpte fokus op die twee kernpilare, naamlik Insetverskaffing en Marktoegang, het daartoe gelei dat nuwe besigheidsgeleenthede ontgin is.

Vanaf 1 Februarie 2005 is Senwes die **alleenagent vir John Deere produkte** in die **westelike somersaaigebiede** van Suid-Afrika. In lyn met 'n pakket-benadering, bied Senwes se uitbreiding na nuwe gebiede die geleentheid om ander produkte en dienste in die waardeketting aan produsente en verbruikers te bied.

Senwes Graan word wyd erken as een van die toonaangewende rolspelers op die gebied van graanverhandeling. Die Graanbemarking-afdeling het dit ten doel om groter marktoegang te verseker – wat meer opsies sowel as uitbreiding van bedrywighede impliseer. Die uitbreiding is reeds sigbaar in Mpumalanga en verdere uitbreidings sal binnekort volg.

Senwes Finansiële Dienste verskaf deur middel van diens en innovasie die nodige rugsteun ten einde die waardeketting te voltooi. Hoewel sekere van die Nywerheidsafdelings onder winsdruk verkeer, is groot vordering gemaak met die verhoging in winsgewendheid van die res van die nywerhede, soos die Saadaanleg, Wynkelder en sekere veevoerbedrywighede. Hierdie proses van verbetering geniet deurlopende aandag.

Senwes is verbind tot 'n proses van waardeskepping en waardeontsluiting vir sy aandeelhouders. **Die verbintenis tot waardeontsluiting vir sy aandeelhouders** het daartoe gelei dat die belegging in **Pioneer Voedsel Beperk** vervreem is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Senwes 'n spesiale dividend aan sy aandeelhouders kon uitkeer en dra ook by tot die voortbestaan van heelparty produsente tydens moeilike landbou-omstandighede.

Gegewe die verswakte kommoditeitspryse sal die komende jaar selfs meer uitdagend wees vir beide produsente en Senwes om gestelde winsdoelwitte te handhaaf. Innovasie, maar ook omsigtigheid, sal van kritiese belang wees ten einde die komende jaar suksesvol te wees. Senwes het in hierdie verband reeds ver gevorder met die beplanning vir nuwe seisoen opsies vir produsente.

INSETVERSKAFFING AAN DIE PRODUSENT

Verskaffing van insette aan die landbouprodusent behels die dryf van handel in insetmiddele, algemene boerderybenodighede, meganisasie, versekering en finansiering. Hierdie besighede word as divisies van Senwes Beperk bedryf.

RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar se resultate

Die **Handelsafdeling** het 'n wesenlike verbetering teenoor die vorige jaar getoon en die vorige jaar se verlies is meer as gehalveer. Dit kan toegeskryf word aan die vroegetydige en suksesvolle implementering van die eerste fase van 'n herstruktureringplan sowel as verbeterde marge- en balansstaatbestuur. Die vestiging van 'n direkte bemarking besigheids-eenheid het ook tot die verbetering in resultate bygedra. Inkomste was laer

vergeleke met die vorige jaar, gedeeltelik as gevolg van die vervreemding en sluiting van sekere bedryfspunte, maar ook weens die effek van deflasie op die meganisasiebedryf, lae graanpryse en verhoogde mededinging deur konkurrente in die tradisionele bedieningsgebied.

Die markomgewing het Handel genoodsaak om gedurende die jaar die meganisasie besigheid om te skakel na slegs 'n enkelagentskap. Die besluit op John Deere het meegebring dat die agentskap verder uitgebrei is na ander nie-tradisionele Senwes bedieningsgebiede. In hierdie verband is die John Deere agentskap suksesvol gedurende die afgelope jaar op Lichtenburg, Delareyville en Hoopstad deur middel van nuwe bedryfspunte gevestig. Bogenoemde besluit het meegebring dat die New Holland agentskap opgesê moes word.

Senwes se finansieringsboek is gedurende die afgelope jaar genormaliseer. Hoewel die boek ietwat afgeneem het teenoor die vorige jaar weens 'n laer vlak van agterstallige skulde asook die verlaagde inkomste van die Insetdivisie, is daar verbetering op die netto finansierings-inkomste as gevolg van beter marges en risikobestuurspraktyke. Daarby kon koste en voorsienings vir slegte skuld bykans op dieselfde vlak as die vorige jaar gehou word, wat gelei het tot 'n verbetering in die netto resultaat.

Die omvattende spesialisdiens wat die Versekeringsafdeling lewer in die versekering van ons klante se risiko's, is vanjaar uitgebrei deurdat die afdeling aangestel is as administrateur van Senwes se portefeulje. Dié aanstelling stel die afdeling in staat om ook ander makelarye van administratiewe dienste te voorsien en om tot 'n volwaardige onderskrywingsagentskap te ontwikkel. Die tradisionele versekeringsbesigheid het ten spyte van die



Bedryfsoorsig

vervolg...

uitbreidingsaksies teleurstellend presteer en sal in die toekoms verskerpte aandag geniet. 'n Nuwe bestuur in dié afdeling, sal na verwagting ook 'n positiewe uitwerking hê.

Toekomstige strategie

Die huidige landbou-omstandighede sal 'n wesenlike impak hê op die resultaat van al die betrokke afdelings wat op insetverskaffing fokus.

Die behaling van die nuwe jaar se begroting is 'n groot uitdaging vir Handel ten spyte van die implementering van 'n nuwe besigheidsmodel, bedryfsoptimalisasie en groeigeleenthede wat benut gaan word.

Lae graanpryse en die verwagte vermindering in aanplantings, beteken dat dié divisie se besigheidsmodel hersien word om winsgewendheid oor die lang termyn op aanvaarbare vlakke te bring.

Die optimalisering van bedryfstelsels en -prosesse sowel as verdere opleidingsprogramme vir personeel behoort bedryfseffektiwiteit te verbeter. Die groeistrategie van Handel sal ook in die komende jaar gestalte kry deur die verdere uitbreiding van die John Deere agentskap na die ander nie-tradisionele gebiede. Verskeie ander groeigeleenthede word ondersoek wat diversifikasie sal meebring en die besigheid minder landbou-afhanklik maak.

Wat die Finansiering-afdeling betref, is die verwagting dat finansiering verleen nie naastenby op dieselfde vlakke as vorige jare sal verkeer nie. Produkte en dienste is verfyn om hoogs mededingend met banke en ander finansierders te wees.

Die Versekeringsafdeling se strategie is om die besigheidseenheid te posisioneer as die eerste omvattende finansiële diensteverkaffer in die landbou. Die nodige strategie en besigheidsmodel is in plek

om in die volgende twaalf maande struktuur daaraan te gee.

KORPORATIEWE BURGERSKAP

Klante

Die grootste gedeelte van die klantebasis bestaan uit produsente in die graanproduksiegebiede van Noordwes, Vrystaat, Gauteng en die Noord-Kaap provinsies. Nie-landbou klante word egter ook bedien en maak al 'n beduidende gedeelte van die besigheid uit. Die marktaandeel verskil van produk tot produk en gebied tot gebied. Op gemiddelde basis beloop dit 55% en daar is gevolglik heelwat ruimte vir verbetering. Die wye verskeidenheid van produkte en dienste saam met vriendelike, kundige advies verbreed egter deurlopend die klantebasis.

Produkte en dienste

Produksie-insetmiddele soos saad, kunsmis, brandstof, landbouchemikalieë, meganisasie heelgoedere en -onderdele, werksinkels, presisieboerdery, besproeiingstoerusting en -onderdele, algemene boerderybenodighede, huishoudelike verbruikersitems en versekering word aangebied. 'n Wye verskeidenheid van produkte en handelsmerke word bemark.

Dié produkreeks word ondersteun deur landboukundige waardetoevoegende en markverwante finansieringsprodukte. Produktsierekenings en kontrakgroeipakkette vir somer- en winteraanplantings, huurkoop-ooreenkomste, maandrekenings en verskeie ander opsies met aantreklike voorwaardes, is tot beskikking van klante wat insetmiddele deur Senwes aanskaf.

Verskaffers

Die voorkeurverskaffers van goedere en dienste is ondernemings met goeie aansien wat aan bepaalde vereistes en norme voldoen. Verskaffers met die bekendste handelsmerke in landbou maak die

grootste deel hiervan uit. Daar bestaan 'n goeie besigheidsverhouding met verskaffers en kontraktuele voorwaardes is billik teenoor die onderskeie partye. Betaalvoorwaardes verskil, maar die meeste verskaffers word 30 dae na staat betaal. Onderhandelinge vind deurlopend plaas en verskaffers gee die nodige ondersteuning deur middel van waarborge en produkaanspreeklikheid.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Die grootste makro-ekonomiese risiko wat bestaan is die effek van ongunstige landbou-omstandighede wat 'n direkte impak op verkope het. Dit sluit onder meer in 'n sterk rand en deflasionêre omstandighede, lae graanpryse, vermindering in aanplantings en ongunstige klimaatsomstandighede. Bedryfsrisiko's in terme van verhoogde mededinging en te hoë vaste kostestrukture bestaan, terwyl bestuursrisiko's soos marge- en voorraadbestuur soortgelyk aan 'n kleinhandelsomgewing ook voorkom.

Die bestuursrisiko's word ondervang deur 'n stelsel met voldoende bestuurs- en beheermaatreëls sowel as 'n effektiewe verkrygingsbeleid. Die nuwe besigheidsmodel, beter klantediens en groeigeleenthede word ook daargestel om die bedryfsrisiko's aan te spreek.

Na raming sal daar in die nuwe seisoen beduidend minder as die langtermyn gemiddelde hektare geplant word. Klante se kontantvloei is onder druk en dit sal 'n negatiewe impak op kredietverlening hê. Die lae graanpryse kan ook 'n daling in sekuriteitswaardes van landbougrond veroorsaak. Krediet word egter slegs toegestaan aan klante wat ingevolge hul

finansiële posisie oor die nodige terugbetalingsvermoë beskik en terselfdertyd die nodige sekuriteit verskaf ter verskansing van die risiko. Gedifferensieerde rentekoerse is van toepassing, afhangende van die omvang van die risiko.

MARKTOEGANG VIR PRIMÊRE LANDBOUGEWASSE

Die Senwes Marktoegang divisie fokus op die hantering en opberging van graan asook die bemarking van hierdie landbouprodukte aan die grootste opnemers daarvan in Suider-Afrika.

RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar se resultate

Die volume graan wat in die bedieningsgebied geproduseer is, was laer as die vorige jaar. Nogtans is bevredigende resultate vir die tydperk onder oorsig behaal. Dit is te danke aan omvattende prosesse om doeltreffendheid te verbeter; 'n uitgebreide dienste-pakket en die implementering van 'n struktuur om waardetoevoeging van graan te optimaliseer.

Die kapitaalspandering van R26 miljoen van die divisie stel hom in staat om bedryfsgereedheidsvlakke op 'n hoë peil te hou en aan die verwagtinge van graanmarkrolspelers in terme van tegnologiese ontwikkeling te voldoen.

Toekomstige strategie

Na verwagting sal die volgende finansiële jaar beter resultate as die afgelope jaar oplewer. Die beter opbrengste wat produsente as gevolg van die gunstige landboustoestand realiseer, veroorsaak 'n hoër deurset en gevolglike hoër inkomste.

Die Graanbemarking-afdeling se aksies is steeds daarop gerig om 'n mededingende eenstopdiens aan ons klantebasis te bied.

Skerp prysdalings sedert Januarie 2005 en die lae vlakke waarop graan tans verhandel, gaan die volgende jaar of twee omvangryke finansiële eise aan ons produsenteklante stel.

Graanbemarking is reeds sodanig geposisioneer dat produsente wat nie nou hulle graan teen die huidige prysvlakke wil verkoop nie, hul prysbesluit kan uitstel.

Graanbemarking het ook innoverende bemarkingstransaksies om produsente te ondersteun om kontantvloei te bewerkstellig, drakoste te minimaliseer asook om graanaankope te doen eerder as om graan te produseer.

In die geval van die afnemers van graan, word 'n pasgemaakte diens aan individuele klante gebied. Dit sluit onder andere in meuldeur-transaksies, basis-transaksies, ruil-transaksies en kontrakproduksie. Ten einde aan ons klante se behoeftes te voorsien, het die Graanbemarking-afdeling die afgelope jaar sy aktiwiteite ook na Mpumalanga en die Wes-Kaap uitgebrei. Deurlopende navorsing en investering in ons stelsels, markinligtingsprosesse, logistieke vermoë en finansieringsbasis word onderneem, ten einde te verseker dat ons klante optimaal bedien word.

KORPORATIEWE BURGERSKAP

Klante

Kommersiële produsente wat deur dié divisie bedien word, produseer 'n geraamde 32% van Suid-Afrika se totale somergraanoes, waarvan die grootste gedeelte ook deur Senwes se netwerk van silokomplekse hanteer en opgeberg word. In aansluiting hierby, word 'n gespesialiseerde graanbemarkingsdiens gelewer. Dié waardepakket word gelewer aan klante in die tradisionele bedieningsgebied, maar ook toenemend aan klante in ander produksiestreke van Suid-Afrika.

Handelaars in mielie-, koring- en ander graanprodukte maak ook deel uit van die divisie se klantebasis.

Produkte en dienste

Die divisie beskik oor 'n uitgebreide en goed verspreide graanhanterings-, opbergings- en diverse graandienste infrastruktuur waarvan die instandhouding, innoverende aanpassings met nuwe tegnologie, bedryfsgereedheid en effektiewe aanwending 'n belangrike fokusarea is.

Hierdie infrastruktuur word wyd deur produsente, graanhandelaars en eindverbruikers van graan aangewend in die normale gang van die graanmark. Die bemarkingsafdeling voltooi vir Senwes die graanmarktoegangskanaal deur die beskikbaarstelling van 'n omvattende graaninligtingsproses, verkrygingsdienste, bemarkingskanaal, 'n verskansingsdiens, graanfinansiering en 'n logistieke diens.

Die divisie se betrokkenheid by grondboneverwerking behels die plaaslike bemarking van die produk en die beskikbaarstelling van plantsaad.

Verskaffers

Graanprodusenteklante is die belangrikste verskaffers van kommoditeite aan hierdie divisie. Ander belangrike verskaffers is plaaslike owerhede, graantransporteurs, finansiële instellings en Safex.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Die belangrikste risiko's waarop die divisie se fokus, kontroles en algemene bestuur afgestem is, is operasionele-, mark-, krediet- en kontrolerisiko. Senwes het die nodige beleid en risikobestuursprosesse in plek om die risiko-areas te bestuur. 'n Risikokomitee evalueer tweemaandeliks die resultate van hierdie prosesse en doen die nodige stappe om dit te verbeter.

Bedryfsoorsig

vervolg...

Die divisie voldoen aan algemeen erkende en wetlike graderingsregulasies en bedryfsveiligheidwetgewing asook die vereistes van Suid-Afrikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk ten opsigte van die teboekstelling van transaksies.

NYWERHEDE

Die nywerheidsbelange van Senwes is gevestig in Senwesko Voere (Edms) Beperk, volfiliaal van Senwes wat veevoervaardiging doen en wat op sy beurt 'n 50%-belang het in Noordwes Voere (Edms) Beperk, asook die volfiliaal Hartswater Winkelder (Edms) Beperk, wat 'n winkelder bedryf en 'n saadverwerkingsaanleg wat as 'n aparte divisie binne Senwes funksioneer. Ondanks druk op die netto resultaat van Senwesko, word die ander eenhede uiters winsgewend bedryf.

RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar se resultate

Senwesko Voere kon nie daarin slaag om vanjaar die winsprestasie van die twee voorafgaande finansiële jare voort te sit nie. Die swakker prestasie kan toegeskryf word aan oorkapasiteit in die veevoermark – wat negatief impakteer op die verhouding tussen verkope en marges en wat gelei het tot 'n plaaslike prysoorlog ten opsigte van braaikuikenrantsoene. Senwesko Voere se belegging in Noordwes Voere het egter 'n goeie opbrengs gerealiseer.

Hartswater Winkelder het vanjaar 'n gesonde wins getoon. Dié positiewe prestasie is vernaamlik toe te skryf aan kostebesparings, beter prysrealisasie en 'n toename in inkomste.

Die saadverwerkingsaanleg het weer eens uitstekend presteer weens groter as verwagte volumes wat verwerk is.

Toekomstige strategie

'n Handelsmerk-vestigingsprogram wat veral gemik is op herkouer- en suiwelbesigheid is hoog op Senwesko Voere se prioriteitslys. Dit is egter 'n langtermyn-proses waarvan die groei relatief stadig is, vergeleke met die risiko wat gesetel is in die afhanklikheid van braaikuikenrantsoene.

Hartswater Winkelder skenk ernstige oorweging aan aandeelhouing en betrokkenheid om produsente te motiveer vir hervestiging en nuwe aanplantings van wingerde en ook om produkte te ontwikkel wat aan die markaanvraag voldoen, byvoorbeeld 'n ligter styl maklik-drinkbare wyn met 'n laer alkoholinhoud en om die tradisionele sakwyn te vervang met die kleiner, goedgekeurde plastiekhouders.

Die saadverwerkingsaanleg is ver gevorder met die sluit van langer termyn verwerkingskontrakte met groot saadmaatskappye ten einde toekomstige volumes te verseker.

KORPORATIEWE BURGERSKAP

Klante

Senwesko Voere verskaf dierevoere direk, of deur middel van Senwes en ander agente se handelstrukture, aan braaikuiken- en veeprodusente. Hartswater Winkelder se klante is hoofsaaklik drankhandelaars in die Noord-Kaap, Vrystaat en Noordwes Provinsie. Die Saadaanleg se klante is die groot handelsname in die saadbedryf.

Produkte en dienste

Senwesko Voere se produkte en dienste behels 'n reeks voere vir braaikuikens en lêhenne, asook vir suiwel, beeste, skape en varke. Hartswater Winkelder verskaf 'n reeks wyne volgens markbehoefte in 'n verskeidenheid verpakkings aan kliënte.

saadverwerkingsdienste word deur die saadaanleg verskaf.

Verskaffers

Die belangrikste grondstowwe wat in die voervervaardigingsprosesse gebruik word, is mielies, sojaboon- en sonneblomprodukte. Die verskaffers van mielies is hoofsaaklik Senwes terwyl die ander grondstowwe by nasionale handelaars verkry word. Onderhandelings vir die verskaffing vind deurentyd teen markverwante voorwaardes plaas.

Benewens sowat 50 produsente in die Vaalharts-gebied wat die grondstowwe lewer, maak Hartswater Winkelder gebruik van verskeie verskaffers van produkte wat gebruik word in die prosesse van verwerking, fermentasie en verpakking van wyne. Grootmaat-wyn ("bulk") word ook van tyd tot tyd ekstern verkry.


Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Die belangrikste risiko's vir Senwesko Voere is die verlies aan volumes, onkompeterende grondstofpryse, produkaan-spreklikheidseise asook beroepsveiligheidsrisiko's. Dit word voldoende aangespreek deur besigheidstrategieë om volumes en eenheidskoste te bestuur, deur 'n toepaslike grondstofverkrygingsbeleid en deur effektiewe bestuursbeheermaatreëls.

Ten opsigte van grondstofaankope is Hartswater Winkelder grootliks aangewys op produksie deur Vaalharts-produsente. Omgewingsfaktore soos hael en oormatige reën tydens oestyd bly 'n risiko wat wisselvalligheid van deursette kan veroorsaak.

ANDER

Sekere administratiewe funksies in Senwes word as korporatiewe dienste gehanteer en is nie aan divisies toegedeel nie.



Bedryfsoorsig

vervolg...

Dit skep goeie korporatiewe beheer en ondersteun die kernbedrywighede van die Groep. Hierdie afdelings behels Direksiekoste, Strategiese Ontwikkeling, Menslike Hulpbronne, Landboudienste, Tesourie, Korporatiewe Finansies, Sekretariaat, Interne Oudit en Korporatiewe Bemaking.

Senwes het ook minderheidsbelange in sekere ondernemings waarvan die belangrikste 'n 38%-belang in die kalkvervaardiger Grasland Ondernemings (Edms) Beperk is. Die 6,6% belang in Pioneer Voedsel Beperk is gedurende die finansiële jaar vervreem en die 27%-belang in Sentra Beleggings Beperk (voorheen Sentraoes Beperk) is steeds in die proses om uitbestuur te word.

RESULTATE EN STRATEGIE

Die afgelope jaar se resultate

Vergeleke met die vorige jaar het korporatiewe koste gedaal, weens kostebesparingsaksies – veral ten opsigte van IT-koste – asook streng beheer. Vooruitsigte vir verdere herstrukturering wat verlede jaar gestel is rondom die na-aftrede mediese voordele, kon nie gerealiseer word nie weens 'n interdik gebring om dit te verhoed. Dit het meegebring dat beduidende addisionele voorsienings ten opsigte van hierdie potensiele verpligtinge geskep moes word.

Die belang in Pioneer Voedsel Beperk is vervreem en 'n na-belaste wins van R100 miljoen is gerealiseer. Dividende van R5,4 miljoen is die afgelope jaar vanaf Sentra Beleggings Beperk ontvang, as gevolg van die realisering van sekere bates van die maatskappy. 'n Dividend van R2 miljoen is ook vanaf Pioneer Voedsel Beperk ontvang voordat die belang daarin vervreem is.

Toekomstige strategie

Korporatiewe dienste sal steeds sterk

fokus op spesialisasie, dienslewering en effektiwiteit. Intensiewe kostebesparingsprogramme wat veral fokus op inligtingstechnologie en bemaking word van stapel gestuur. Daar kan egter verwag word dat regskoste 'n beduidende uitgawe kan beloop as gevolg van die onafgehandelde hofsake ten opsigte van die na-aftrede mediese voordele asook weens regsaksies geloods deur Senwes teen Price-waterhouseCoopers (vorige ouditeure) en vorige Bestuurslede.

KORPORATIEWE BURGERSKAP

Klante

Klante van Landboudienste is produsente wat met Senwes sake doen ten opsigte van kernaktiwiteite naamlik Insetverskaffing en Marktoegang. 'n Beduidende gedeelte van bronne word spandeer om Senwes se strategie met swart ekonomiese bemagtiging te ondersteun.

Produkte en dienste

Landboudienste bied gespesialiseerde landboukundige advies aan kommersiële produsente en opkomende boere ten einde hul besigheidsrisiko's te beperk en uitsette te optimaliseer. Die administratiewe korporatiewe dienste verskaf die nodige administratiewe, beheer- en finansieringsondersteuning aan die kernbedrywighede.

Verskaffers

Die Land Bank, Absa en Rand Aksepbank is die belangrikste verskaffers aan die Groep se Tesourie-afdeling terwyl 'n wye verskeidenheid ander dienste deur ondernemings met toepaslike kundigheid gelewer word waarvan T-Systems en SAP die belangrikste diensverskaffers van inligtingstechnologie is.

Risiko's en bestuurs- en beheerstrukture

Senwes se finansiële toestand en

besigheidsverhouding met finansiers en verskaffers het weens finansiële prestasie en die suksesvolle omdraaiaksies sodanig verbeter dat verhoudings genormaliseer is.

Veranderde wetgewing en tendense vereis aanpassing in terme van swart ekonomiese bemagtiging (SEB). Alhoewel Senwes verbind is tot die implementering van SEB, bly bereiking van gestelde doelwitte 'n uitdaging en die potensiele impak van nie-voldoening daaraan, kan 'n risiko inhou.

WERKVERSKAFFING EN ARBEIDSPRAKTYKE

WERKNEMER PROFIEL

Die Groep se totale hoeveelheid permanente en tydelike werknemers het netto op bykans dieselfde vlakke gebly en beloop 2 548 op jaareinde. Die werknemers is geografies soos volg versprei: 49% is in die Vrystaat, 34% in die Noordwes Provinsie, 14% in die Noord-Kaap en 3% in Gauteng.

Sowat 390 bedankings en uitdiensstellings het in die afgelope jaar voorgekom, met 209 aanstellings – waarvan 120 uit die aangewese groepe gedoen is. Interne bevorderings het op 221 te staan gekom, waarvan 143 uit die aangewese groepe was. 'n Personeelomset van 13% (permanente personeel) het voorgekom.

Doelmatige aanstellings word bewerkstellig deur 'n proses van werwing en keuring. Poste word intern en/of ekstern op 'n deursigtige wyse geadverteer ten einde geskikte kandidate te bekom. Die nodige onderhoudvoering, navolging van verwysings en inligting verskaf deur aansoekers, psigometriese evaluering en soortgelyke relevante metodes word aangewend om toe te sien dat die regte aanstellings gemaak word.

Aantal werknemers	30 April 2005			30 April 2004		
	Totaal	Permanent	Tydelik	Totaal	Permanent	Tydelik
Insetverskaffing	1 183	1 048	135	1 285	1 180	105
Marktoegang	1 034	742	292	855	723	132
Nywerhede	182	180	2	197	193	4
Korporatief	149	130	19	156	138	18
Voortgesette bedrywe	2 548	2 100	448	2 493	2 234	259
Beëindigde bedrywe	-	-	-	47	47	-
Totaal	2 548	2 100	448	2 540	2 281	259

GELYKE INDIENSNEMING

Senwes is verbind tot die beginsel van transformasie deur die aanstelling van individue uit die aangewese groepe en geskikte kandidate uit hierdie groepe geniet voorkeur wanneer vakatures gevul word.

Ten einde 'n aanslag van deelnemende bestuur met gelyke indiensneming te volg, is 'n koördinerende gelyke indiensneming-forum, wat alle belangegroepe insluit, tot stand gebring.

Ter ondersteuning van die funksies en doel van die gelyke indiensnemingforum, is 'n gees van wedersydse vertroue kritiek belangrik en word besprekingspunte, gesamentlike besluitneming en die deel van inligting geïdentifiseer.

Hierdie voertuig word aangewend as 'n gelyke indiensnemingsprogram waardeur werknemers bemagtig word om positiewe insette te lewer aan Senwes as dinamiese en gerespekteerde onderneming.

'n Gelyke indiensneming vorderingsverslag wat aan die Departement van Arbeid voorgelê is, is deur die departement aanvaar.

Tans staan die totale vordering op 89% van die gestelde mikpunt vir permanente werknemers. Die verspreiding van aangewese werknemers is soos volg:

GELYKE INDIENSNEMING		
Pos of Posgraad	Totale gewig	Gewig van Aangewese Groep
Nie-uitvoerende direkteure	11	1
Uitvoerende direkteure	3	0
E-band	10	1
D-band	107	6
C-band	432	96
B-band	733	586
A-band	818	810
Totaal	2 114	1 500

VAARDIGHEIDSONTWIKKELING

Opleiding geskied deur deurlopende indiensopleiding asook interne en eksterne behoeftegedrewe opleidingsprogramme. Leerlingskappe word op SETA-vlak ontwikkel, ten einde werknemers verder toe te rus.

Altesaam 39 personeellede is by SETASA geregistreer vir formele leerlingskap programme. 'n Silo Akademie is ingestel ten einde die versnelde opleiding en ontwikkeling van silo-operateurs en bestuurders te ondersteun.

Vaardigheidsontwikkeling spanderingspatrone volgens geslag en ras

	Swart		Kleurling		Indiër		Blank	
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
Opleiding man-dae	1 833	450	103	40	9	19	1 410	1 714
Koste van opleiding	666 580	103 872	37 300	11 705	3 150	17 435	752 104	417 228

Die onderstaande tabel verskaf die spanderingspatrone volgens ras en geslag, maar sluit nie die vaardigheidsheffing in nie.

WERKSOMSTANDIGHED

Werkomstandighede voldoen aan wetlike vereistes (in besonder die Wet op Basiese Diensvoorwaardes) en dit oortref in baie gevalle die vereistes van dié wet. 'n Grieweprocedure bestaan, waarvolgens interne klagtes en probleme aangemeld en opgelos kan word. Dissiplinêre maatreëls word toegepas in ooreenstemming met billike beginsels vir die oortreding van reëls of in die geval van onreëlmatighede of swak gedrag.

Prestasievergoeding-skemas is daarop gemik om 'n ekonomiese wins te skep.

Gemeet teen die bereiking van spesifieke doelwitte kan senior bestuur, middelbestuur en bemerkingspersoneel in besonder, voordeel trek uit ander insentiewestelsels en kommissiestelsels.

Formeel gestruktureerde prestasietingsprosesse – gegrond op sekere kriteria – word ten minste een maal per jaar met alle werknemers gevolg. Dit verskaf 'n basis vir aanpassing in vergoeding en identifiseer afwykings en ontwikkelingsgebiede wat aandag benodig.

GESONDHEIDSPROGRAM

'n Werknemer Gesondheidsprogram is geloods om spesifieke gesondheidsrisiko's aan te spreek en werknemers het opleiding ontvang in MIV/Vigs bewusmaking. Die program sal die volgende siektes aanspreek: diabetes, hipertensie, hart-siektes en obesiteit.

Bedryfsoorsig

vervolg...

ARBEID EN ARBEIDSBETREKKINGE

Sowat 35% van werknemers is lede van vakunies, naamlik FAWU, NUFBSAWA en Solidariteit.

Onderhandelinge en konsultasies met relevante belangegroepes en vakbonde word gevoer met betrekking tot vergoedingsaanpassings, werksvoorwaardes asook in herstrukturering en rasionalisasie oefeninge.

SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

AGTERGROND

Senwes beskou swart ekonomiese bemagtiging (SEB) as 'n ekonomiese en sosiale noodsaaklikheid vir volhoubare groei en verhoogde aandeelhouderswaarde. Daarom het Senwes 'n proaktiewe benadering gevolg tot SEB, waardeur ons besigheidsagenda in die werkplek en gemeenskap in pas is met die land se nasionale transformasie agenda.

SENWES SEB TRANSFORMASIE HANDVES

Hoewel die landbousektorale SEB handves, algemeen bekend as die Agri-SEB handves, nog nie gefinaliseer is nie, het Senwes in die oorsigtydperk uit vrye wil 'n SEB transformasie handves vir die Groep opgestel en aanvaar. Die handves

ondervang die Groep se transformasie mikpunte, beginsels, doelwitte en teikendatums tot en met die jaar 2010. Die transformasie handves is geformuleer deur 'n proses van wye konsultasie en geniet die ondersteuning van personeel, Bestuur en die Direksie. Dit is 'n breëbasis transformasie handves en 'n telkaart wat ondersteun word deur 'n kritieke selfmetingsproses. Die SEB transformasie handves is geformuleer en gebaseer op die raamwerk, telkaart en gewigte van die Departement van Handel en Nywerheid se SEB teikens.

AGRI-SEB

Verder het Senwes ook 'n wesenlike rol gespeel in die bevordering van SEB in die landbousektor, deur middel van werkwinkels en konferensies met produsente om die rol van kommersiële produsente in die ekonomiese transformasie van ons land te bespreek. Senwes het ook 'n baie belangrike rol gespeel in die Agri-SEB Stuurkomitee, waarop ons verteenwoordig word.

Die rol van die Stuurkomitee was om die konsultasieproses in die formulering van die landbousektorale handves te lei. Teen die tyd van hierdie verslagdoenig was die handves gereed om deur die proses van konsultasie te gaan. Ons het ook opkomende swart produsente ondersteun deur vir hulle tegniese en adviesdienste te

lewer, asook om kontakte en mentor-vennootskappe tussen gevestigde kommersiële boere en opkomende boere te vind.

Senwes het verder ook advies, modelle en raamwerke verskaf aan gevestigde kommersiële produsente wat belangstelling getoon het om SEB in hul landbou-ondernemings te implementeer. Ondersteuning met die implementering daarvan word ook gebied.

TOEKOMSTIGE STRATEGIE

Senwes sien daarna uit om, gegewe die suksesse wat gedurende die jaar onderoorsig behaal is, met entoesiasme voort te gaan om die swart ekonomiese bemagtigingstrategie verder te ontplooi. Fokus sal in die komende jaar geplaas word op die finalisering van die SEB ekwiteits-transaksie, die aggressiewe implementering van planne ten opsigte van menslike hulpbronne en ekonomiese ontwikkeling.


Die proses rakende die doeltreffende implementering van hoë-impak en innoverende sosiale verantwoordelikhedsprogramme sal ook afgehandel word.

GEMEENSKAP

Senwes funksioneer nie geïsoleerd van die gemeenskap waarbinne hy sake doen nie. As 'n wyd gerespekteerde, landbougerigte sake-onderneming is Senwes op 'n

Senwes SEB-telkaart

Kategorie	Prestasies behaal	Toekomstige strategie
• Ekwiteit eienaarskap en bestuursbeheer	• 8% van direksielede is swart	• Die onderhandelingsproses en ooreenkoms met 'n swart ekonomiese vennoot toon vordering
• Gelyke indiensneming	• 10% van top en senior bestuur bestaan uit swart mense • 2% van middelbestuur bestaan uit swart mense • 9% van junior bestuur en gespesialiseerde werknemers is swart mense • In totaal is 51% werknemers swart	• Mikpunte is gestel en strategieë word geïmplementeer om die getal swart werknemers in alle vlakke van bestuur te verhoog



Bedryfsoorsig

vervolg...

Senwes SEB-telkaart (vervolg)

Kategorie	Prestasies behaal	Toekomstige strategie
Vaardigheidsontwikkeling	- Die Maatskappy het 'n addisionele 1% van sy totale salarisrekening op vaardigheidsontwikkeling gespandeer, bo en behalwe die 1% vaardigheidsheffing wat betaal word in terme van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling - Meer as 40% van die vaardigheidsontwikkeling spandering is aangewend vir die opleiding van swart werknemers 'n Silo Akademie is gevestig om swart werknemers op te lei in die veld van silobestuur 35 swart werknemers het tot dusver die Akademie betree en 11 lede het reeds die tegniese kursusse voltooi 'n Versnelde bestuursontwikkelingsprogram is ontwikkel om momentum te verleen aan die loopbaanvordering van individue met hoë potensiaal	Verbreed die omvang van die Silo Akademie om ander aspekte van die Groep se besigheid in te sluit, ten einde sodoende die aanbod van swart talent dwarsoor die hele spektrum van die Groep se besigheid uit te brei
Voorkeurverkryging	R535 miljoen van Senwes se aankope gedurende die jaar onder oorsig is gedoen by SEB maatskappye	Programme is ontwikkel om die vlakke van besigheid wat gedoen word met swart KMO's te verhoog
Besigheidsontwikkeling	Senwes het in totaal R1,3 m aangewend vir die ontwikkeling van opkomende swart boere	Ondersteun inisiatiewe om kapasiteit te bou by KMO's wat nie aan die Groep se handelskriteria t.o.v. verkrygingsgeleenthede voldoen nie
Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid	'n Beursskema is gevestig om swart studente aan universiteite te ondersteun	

streeksgrondslag een van die grootste rolspelers in landelike en sekere stedelike sentra.

Die omvangryke ekonomiese invloed wat die Senwes Groep oor die afgelope finansiële jaar op sy belangegroepe gehad het, word deur die verspreiding van welvaart na elk van hierdie groepe geïllustreer. Vergoeding aan werknemers het R258 miljoen in daardie huishoudings se hande geplaas, betalings ten opsigte van BTW en Vaardigheidsontwikkelingsheffing aan die staat, asook SDR- en munisipale betalings aan plaaslike owerhede was gesamentlik R47 miljoen en betalings aan eksterne kapitaalverskaffers het R84 miljoen beloop.

Verder is R195 miljoen teruggehou vir uitbreiding en groei, dividende ten bedrae van R95 miljoen is betaal en R44 miljoen is opsygesit vir die vervanging en waardedaling van bates. Gesamentlik beloop die totale welvaart wat geskep is R723 miljoen. Sosiale bydraes en ondersteuning was gefokus op sport- en kultuuraangeleenthede veral ten opsigte van sekondêre en tersiêre instellings, asook landbouverwante byeenkomste en georganiseerde landbou.

Provinsiale betrokkenheid was ook vanjaar 'n fokus met Senwes se betrokkenheid by die Noordwes Krieket Assosiasie. **Verskeie opleidingsgeleenthede vir opkomende boere het ook plaasgevind.**

Die totale waarde van hierdie aksies het nagenoeg R300 000 beloop.

OMGEWING

Die vraag na water en energie is, uit die aard van Senwes se besigheid, hoofsaaklik beperk tot nie-industriële verbruik. Senwesko Voere en Hartswater Wynkelder kan gesien word as industriële verbruikers aangesien elektrisiteit en water deel vorm van die vervaardigingsprosesse by beide ondernemings. In die geval van Senwesko Voere word steenkool gebruik vir die opwekking van stoom.

Die verskaffing van water en elektrisiteit word hoofsaaklik hanteer deur plaaslike

owerhede en Eskom. In sommige gevalle is water afkomstig van boorgate op die besigheidspersele. Senwes gebruik tans ongeveer 147 000 kiloliter water en 26 miljoen eenhede elektrisiteit. Hiervan word na raming 30% en 20% onderskeidelik deur die twee Nywerheidsfiliale gebruik. Senwesko Voere verbruik ongeveer 12 000 ton stoom per jaar.

Die afgelope jaar is 'n projek by Senwes se silo's geloods ten einde die kwaliteit van afloopwater te verbeter. Na gelang van die resultate uit laboratoriumtoetse, is verskeie aksies onderneem ten einde die afloopwater te suiwer sodat dit geen gevaar inhou vir mens en dier nie. Die monitering van resultate is 'n deurlopende proses, en waar nodig word regstellende aksies geneem.

Tans voldoen alle John Deere trekkers aan emissiestandaarde soos gestel deur die SA regering. Daar word ook voldoen aan die internasionale TIER2 standaarde. Senwes, as alleenagent vir John Deere in die westelike somersaigebied van Suid-Afrika, lewer dus op hierdie gebied 'n indirekte bydrae tot 'n skoner Suid-Afrika deur met verskaffers sake te doen, wat die belange van 'n skoner omgewing op die hart dra.

RISIKO'S

Die risiko's en ondervangende beheermeasures is reeds hierbo met betrekking tot elk van die bedrywe uitgewys. Dit kan egter soos volg opgesom word met betrekking tot langtermyn en korttermyn risiko's:

Die langtermyn risikoprofiel dui op die volgende risiko's wat aandag verg: Infrastruktuur, kompetisie vanaf aggressiewe mededingers, wetgewing en regeringsoptrede, omgewingsimpak van die besigheid, bemagtigingsdoelwitte en

reputasie van die onderneming. Genoemde risiko's word meestal ekstern gegeneer en neem 'n lang tyd om tot reg te kom. Weens die aanlooptyd is daar gewoonlik genoeg tyd vir identifisering en voldoende aanspreek daarvan. In die verlede het Senwes sulke voorvalle nog altyd suksesvol hanteer en Bestuur beskik oor voldoende kapasiteit om dit ook in die toekoms te doen.

Wat korttermyn risiko's betref kan bedryfsrisiko's ontstaan waarvoor bestuurspraktieke voorsiening moet maak om dit op gereelde grondslag te hanteer. Senwes is van mening dat, deur die implementering van die Cura risikobestuurstelsel gepaardgaande met die noulettendheid van Bestuur wat deur middel van gereelde en gestruktureerde Risikobestuursvergaderings die nodige fokus plaas op hierdie aspekte, daar voldoende aandag en kapasiteit bestaan om bedryfsrisiko's grootliks aan te spreek.

Die grootste bedryfsrisiko's wat tans in Senwes heers, is die potensiële impak van die lae graanpryse op die besigheid – spesifiek op die insetverskaffing in die komende jaar en die marktoegang in die opvolgende jaar; die potensiële regsgeeding met pensioenarisse en die potensiële impak van twee opvolgende droogtejare. Laasgenoemde is effektief verlaag deur die koop van 'n weerafgeleide verskansingsopsie terwyl die eersgenoemdes aangespreek word deur Bestuursaksies. Daar word nie voorsien dat een van hierdie risiko's die bestaan van Senwes bedreig nie.

ALGEMEEN

Die merkwaardige omdraai van Senwes oor die afgelope drie jaar is welbekend. Waardeskepping en -ontsluiting is as strategiese rigting aanvaar en gedurende die jaar is dit reeds tot 'n groot mate

gedemonsteer by wyse van 'n spesiale dividenduitkering. Organiese groei en uitbreiding in nie-tradisionele areas as bakteermat van Senwes se groeistrategie, het ook gedurende die jaar begin vorm aanneem.

Strategies word die potensiaal van vennootskappe, alliansies en moontlike konsolidasies ondersoek, veral in gevalle waar die insetbedrywighede van landbouorganisasies weens te groot infrastrukture en die impak van lae graanpryse, negatief geraak word.

Senwes se resultaat vir die afgelope jaar is merkwaardig en is die hoogste in sy geskiedenis. Gegewe die negatiewe tendens bespeur by sommige konkurrente wat betref insetbesigheid, is die verbetering by Senwes se vergelykende besigheid uitstekend – wat toegeskryf kan word aan tydige aksie wat geneem is.

Daar word egter nie verwag dat vanjaar se prestasie in die volgende twee jaar herhaal sal word indien graanpryse voortgaan om op die huidige lae vlakke te verkeer nie. Voorstelle in die bedryf wat addisionele vraag kan skep na graan is potensiële langtermyn oplossings wat nie onmiddellike impak behoort te maak nie. Planne wat laer produksie daarstel, kan pryse opwaarts druk indien dit op 'n groot genoeg skaal gedoen word, maar sal 'n noodwendige aftrekkende impak op Senwes se resultaat meebring.

Senwes se balansstaat is egter gerat vir die hantering van normale bedryfsrisiko's en om geleenthede wat ontstaan, te kan benut. Ten spyte van die onsekerheid wat in die bedryf heers, is Senwes optimisties oor die toekoms en die uitdaginge wat dit bied.



Johan Digne
Besturende Direkteur

Finansiële oorsig

INLEIDING

Die uitstekende resultate wat vanjaar behaal is, is die gevolg van die waarde-skepping- en waarde-ontsluitingstrategie wat deur die Direksie aanvaar is. Fokus op kernbedrywighede en die herhaalde prestasie van die Marktoegangsdivisie het grootliks hiertoe bygedra. Die Insetverskaffingsdivisie se verbetering teenoor die vorige jaar is positief en is grootliks die gevolg van herstrukturierungs- en optimaliseringsaksies. Dit is ook behaal in 'n tydvak waar die meeste mededingers negatiewe tendense gerapporteer het weens die markfaktore en die effek van deflasionêre omstandighede in veral die meganisasiebedryf. Verdere fokus in die komende jaar om ook hierdie deel van die besigheid standhoudend te maak, word in die vooruitsig gestel. Die waarde-ontsluiting as gevolg van die vervreemding van die belang in Pioneer Voedsel Beperk het ook 'n groot positiewe impak op die resultaat gehad.

GROEPRESULTATE

Die Groep se netto wins voor belasting beloop R238 miljoen (2004 – R200 miljoen) en R195 miljoen (2004 – R168 miljoen) na belasting. Die laasgenoemde syfer het dus toegeneem met R27 miljoen (16%). Die netto resultaat beteken 'n opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang van 33% (2004 – 36%). Die verdienste per aandeel beloop 97 sent teenoor 83 sent van die vorige jaar. Word abnormale items geëlimineer en die wesensverdienste dan vergelyk, dui die syfer op 'n verbeterde wesensverdienste voor abnormale items van 21% (60 sent teenoor 49 sent die vorige jaar).

Beter resultate is in die meeste bedrywe, insluitende Insetverskaffing behaal. Finansieringskoste het tot R84 miljoen

gedaal (2004 – R135 miljoen). Die realisering van die belang in Pioneer Voedsel Beperk het 'n R100 miljoen positiewe effek na belasting gehad en addisionele negatiewe voorsienings ten opsigte van na-aftrede mediese koste vir pensioenarisse het R19 miljoen beloop. Vergelykenderwys is daar in die vorige jaar inkomste van R23 miljoen uit eindigende bedrywe asook R28 miljoen ten opsigte van na-aftrede mediese voorsiening tot die netto wins bygevoeg.

Waarde van sake het gedaal en beloop R9 516 miljoen teenoor 2004 se R9 655 miljoen. Ingesluit by hierdie bedrae is verskansingstransaksies asook direkte transaksies van R5 266 miljoen (2004 – R5 176 miljoen). Inkomste het met 5% gedaal tot R4 250 miljoen (2004 – R4 479 miljoen). Die impak van laer graanpryse en wisselkoersbewegings is die belangrikste faktore wat hiertoe bygedra het.

Uit die segmentontleding is dit duidelik dat die grootste bydrae tot winsgewendheid van die Groep gemaak word deur die Marktoegang-divisie. Insetverskaffing word ondanks groot verbetering nie op winsgewende vlakke bedryf nie en verdere herstrukturering is nodig ten einde dit standhoudend te maak.

BALANSSTAAT

Die verhouding van eie tot vreemde kapitaal het verder verbeter vanaf 35% in die vorige jaar na die huidige 43%. Dit is die gevolg van positiewe bedryfsresultate en balansstaatbestuur. Hierdie verbetering is bewerkstellig ondanks die beduidende dividenduitkerings van R95 miljoen.

Kontantvoorskottransaksies ten opsigte van graan het 'n beduidende belegging geverg maar terselfdetyd het die normale debiteureboek gedaal met die gevolg dat

bedryfskapitaalvlakke konstant gebly het. Die volgehoue winsgewendheid, het 'n positiewe bydrae tot die verbetering in netto batewaarde gehad. Die netto batewaarde per aandeel het verbeter van R2,83 tot R3,07 nadat dividenduitbetalings gedurende die jaar van 47,5 sent in ag geneem word. Voor inagnome van die dividende sou die styging in die netto batewaarde 72 sent per aandeel beloop.

KONTANTVLOEI

Die Groep het vanjaar weer 'n uitstekende kontantwinst behaal van R255 miljoen (2004 – R227 miljoen). Netto kontantvloei het R246 miljoen beloop (2004 – R22 miljoen) nadat dividende in kontant uitbetaal is van R92 miljoen. Dit is moontlik gemaak deur die kontantopbrengs van R120 miljoen ten opsigte van die Pioneer Voedsel aandele. Die positiewe kontantvloei het dit moontlik gemaak om netto eksterne rentedraende skuld na R800 miljoen te verminder.

DIVIDENDE

Aangesien beide die kapitaalstruktuur en winsgewendheidsvlakke tot meer aanvaarbare vlakke herstel is, word 'n finale dividend van 5,5 sent per aandeel (2004 – 5,5 sent) voorgestel. Gedurende die interim is 4,5 sent betaal en in April is 'n spesiale dividend van 37,5 sent betaal. Dit beteken dat die normale dividendopbrengs (interim en finaal) op huidige aandeelprysvlakke ongeveer 6,1% beloop. Word die spesiale dividend ook ingerekend, beloop hierdie syfer 28,8%.



Steven Alberts
Direkteur Finansies

Korporatiewe beheer

VERKLARING VAN KORPORATIEWE BEHEER

Korporatiewe beheer en nakoming vorm deel van die verantwoordelikhedsraamwerk van die Groep, vestig 'n balans tussen aanspreeklikheid en voldoening asook waardeskepping en hulpbronbenutting.

INLEIDING

Die Senwes Groep en Direksie is verbind tot beste praktyke van korporatiewe beheer en die nakoming van die King-komitee se Verslag oor Korporatiewe Beheer (King II). Die Direksie is van mening dat die vereistes van King II in alle wesentlike opsigte nagekom is. Voldoening aan King vestig aanspreeklikheid en verantwoordelikheid, suksesvolle hulpbronbenutting en stel die Direksie in staat om strategiese rigting aan te dui, risiko's te bestuur, prestasie te dryf en die sleutelbeginsels in besluitneming te identifiseer.

Alhoewel King 'n regulatoriese vereiste is vir genoteerde maatskappye, besef die Groep die verantwoordelikhede asook die voordele wat deur die toepassing daaruit voortvloei en wat aan belanghebbendes gerusstelling verskaf. Gevolglik word daar nie slegs gefokus op finansiële verslagdoening en nakoming van rekenkundige standaarde nie, maar geniet sosiale, omgewings- en ander nie-ekonomiese oorwegings deurentyd aandag.

GROEPSTRUKTUUR

'n Gesentraliseerde besigheidsmodel met ondersteunende funksies vorm die basis van die Groep se aktiwiteite. Divisies het eie beheer en rapporteringstrukture met gepaardgaande gedelegeerde magte. Tesame met die filiale word die Groep in 'n eenheid gevestig.

DIE DIREKSIE HANDVES

Die Direksie funksioneer binne 'n goedgekeurde handves wat wetgewende, fidusiële en beste praktyke neerlê. Die hoof funksies van die Direksie word beheer deur die handves en wel soos volg:

- Vaststelling van die oorhoofse doelwitte van die Groep;
- Ontwikkeling van strategieë om die doelwitte te bereik tesame met Bestuur;
- Formulering van maatskappybeleide;
- Evaluasie van die Groep se prestasie;
- Aanvaarding van verantwoordelikheid vir risikobestuur;
- Aanstelling van die Besturende Direkteur;
- Evaluering van die Maatskappy se direkteure.

Die handves formaliseer ook aspekte rakende die prosedures by direksievergaderings, die rolle van die Voorsitter en Ondervoorsitter, direksiesamstelling, induksie en etiese optrede.

Direksiekomitees wat die Direksie bystaan in die uitvoering van die Direksie se verantwoordelikheid, speel 'n kritiese rol in die uitvoering van strategieë en die hantering van aspekte soos risiko's, menslike hulpbronbestuur en nakoming van aanvaarde rekenkundige verslagdoeningsvereistes.

Die beginsels van goeie korporatiewe beheerpraktyke vind uiting in 'n Direksie wat deurlopend hulself toets daarteen en self-ondersoek in die lig van potensiele botsende belange, deurlopende openbaring van aandelettransaksies, besluitneming in die lig van risiko's, hetsy positief of nadelig, asook noue skakeling met belanghebbendes by wyse van

inligtingsvergaderings aan klante, aandeelhouders en personeel.

DIREKSIE

Die bestuur en beheer van die Groep is opgedra aan die Direksie. Die Direksie formuleer die oorhoofse strategie en beleid van die Groep en bly as hoogste gesag verantwoordelik vir identifisering en definiëring van wesentlike geleenthede en risiko's, allokasie van hulpbronne, finansiële of andersins, groeigeleenthede, swart ekonomiese bemagtiging, waardeskepping vir aandeelhouders, die stel van doelwitte en bereiking daarvan asook die nakoming van gedelegeerde verantwoordelikheid en wetgewing. Die Direksie evalueer deurlopend finansiële resultate, vordering met die gestelde strategie, verslagdoening van resultate, kommunikasie met belanghebbendes en inherente markomgewing en bedryfsrisiko's. In die lig van voormelde kan die mees gepaste strategie bepaal word.

SAMESTELLING

Die Direksie bestaan uit agt verkose lede, drie uitvoerende direkteure en twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. (volledige besonderhede van die direkteure verskyn op bladsy 26). Die ampte van Voorsitter en Besturende Direkteur is geskei. Kontinuiteit op direksievlak word verseker deurdat verkose nie-uitvoerende direkteure se ampstermyne oor vier jaar strek. Direkteure wat die langste gedien het, moet telkens op 'n rotasiebasis aftree. Uitvoerende direkteure het dienskontrakte en onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word jaarliks deur die Direksie aangestel.

Gedurende die jaar onder oorsig het mnre John Roberts en Japie Gouws onderskeidelik as nie-uitvoerende buite direkteur en uitvoerende direkteur bedank.

Korporatiewe beheer

vervolg...

Naam van Direkteur	Ge- slag	Blank (B) Swart (S)	Onafhanklik (O) Uitvoerend (U) Nie-uitvoerend (N)	Standaard Komitee (S) Voorsitter (V)	Risiko- bestuurs- komitee (R) Voorsitter (V)	Menslike Hulpbronne Komitee (M) Voorsitter (V)	Ouditkomitee (O) Voorsitter (V)
JE Grobler *	M	B	N	V			
JDM Minnaar	M	B	N	S		V	O
JPL Alberts	M	B	O				V
JP Botma	M	B	N			M	
JA EIs	M	B	N				
MJ Lourens	M	B	N		R		
GNV Magashula	M	S	O			M	
JA Mostert	M	B	N		R		O
JV Roberts Bedank 28 Februarie 2005	M	B	O		V		
JD Shahim	M	B	N				O
WH van Zyl	M	B	N	S		M	
JJ Dique	M	B	U	S	R	M	O
JD Gouws Bedank 14 Februarie 2005	M	B	U		R		O
F Strydom	M	B	U		R		
SH Alberts Aangestel 3 Maart 2005	M	B	U		R		O
Onafhanklike adviseurs:							
PA le R van Zyl	M	B	O				
CE Kahan (uitgetree op 12 Augustus 2004)	M	B	O				

* Ex Officio lid van alle Komitees

Mnr Steven Alberts is in die plek van mnr Gouws aangestel, terwyl die Direksie besluit het om nie die vakature van mnr Roberts vir die huidige te vul nie. Die Direksie bestaan steeds uit 'n meerderheid van nie-uitvoerende direkteure.

VERGADERINGS EN BYWONING

Die Direksie het nege keer gedurende die jaar onder oorsig vergader. Dit is beleid van die Direksie om gereeld bymekaar te kom en word addisionele vergaderings geskeduleer wanneer strategiese en dringende sake dit vereis. Met die uitsondering van die tabel hiernaas wat weens ander verpligtinge en/of buitengewone omstandighede nie die vergaderings kon

bywoon nie het alle direkteure die direksie- en direksiekomitee vergaderings bygewoon.

Direkteur Verskoning	Aantal direksie- vergaderings nie bygewoon nie in 2004/2005
JA Mostert	2
GNV Magashula	2

ADVIES EN INLIGTING

Ten einde die Direksie in staat te stel om voldoende en effektief te funksioneer, word vergaderingsdokumentasie tydig voor elke vergadering versprei. Tussen

vergaderings word die resultate en wesentlike bedryfsaangeleenthede ook maandeliks aan die Direksie gerapporteer. Die direkteure het onbeperkte toegang tot Bestuur en inligting ten einde te verseker dat hul volledig op hoogte is van die sake van die Groep. Die Voorsitter en die Uitvoerende Bestuursman is in 'n posisie om ander nie-uitvoerende direkteure volledig in te lig rondom voorgestelde besluite. Sodoende kan 'n volledige konsultasieproses gevolg word en sou dit vereis word, word toegang tot tersaaklike advies bewerkstellig.

Alle direkteure het toegang tot die dienste en advies van die Groepsekreteris wat

Vergoeding

Naam van Direkteur	Maande in diens gedurende die jaar	As Direkteur/ Adviseur R'000	Komitees R'000	Bestuurs-dienste R'000	Bonusse R'000	Omskakeling en beëindiging van bonus-skema* R'000	Ander toelaes R'000
Nie-uitvoerend:							
JE Grobler	12	223	12	-	-	-	4
JDM Minnaar	12	158	43	-	-	-	32
JPL Alberts	12	108	29	-	-	-	24
JP Botma	12	91	8	-	-	-	9
JA E Els	12	91	-	-	-	-	25
MJ Lourens	12	91	16	-	-	-	6
GNV Magashula	12	108	8	-	-	-	16
JA Mostert	12	91	24	-	-	-	11
JV Roberts	10	90	26	-	-	-	15
JD Shahim	12	91	16	-	-	-	8
WH van Zyl	12	91	20	-	-	-	19
Uitvoerend:							
JJ Dique	12	158	48	2 369	1 783	1 783	49
F Strydom	12	91	16	1 436	1 070	535	62
JD Gouws	10	76	24	1 414	1 070	1 070	26
SH Alberts	2	15	4	167	-	-	31
Onafhanklike adviseurs:							
PA le R van Zyl	12	178	-	-	-	-	-
CE Kahan	4	36	4	-	-	-	4

* Uitbetaling weens omskakeling van skemas na aandeel gebaseerde skemas asook uitbetaling weens diensbeëindiging.

Korporatiewe beheer

vervolg...

leiding verskaf rondom hul pligte en verantwoordelikhede. Elke direkteur is voorts geregtig en het toegang op die koste van die Maatskappy tot professionele regsadvies of andersins, indien sodanige direkteur dit in belang van die Maatskappy ag.

Voorts het die Direksie onbelemmerde toegang tot die regsadviseur van die Direksie wat as sodanig gekontrakteer is.

DIREKSIEKOMITEES

Verskeie Direksiekomitees staan die Direksie in die uitvoering van sy pligte by. Gemelde komitees tree op binne die raamwerk van formeel goedgekeurde mandate en delegasie van magte. Die effektiwiteit van die komitees asook die mate waaraan aan die verskeie mandate voldoen word, word periodiek gemeet en aan die Direksie gerapporteer. Die Voorsitter van die Direksie het onbeperkte toegang tot vergaderings van die direksiekomitees. Die Direksie verkies jaarliks die lede van die onderskeie komitees. Besonderhede van die huidige lede van die onderskeie komitees verskyn op bladsy 26.

MENSLIKE HULPBRONNE KOMITEE

Dié komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en die Besturende Direkteur en is verantwoordelik vir die bestuur van die maatskappy se menslike kapitaal en die transformasie van die arbeidsmag insake regstellende aksie. Dit sien ook om na die uitvoerende en senior bestuur se vergoeding, insluitende aansporingskemas, aanbevelings rakende fooie en vergoeding vir nie-uitvoerende direkteure, die bepaling en meting van uitvoerende direkteure en senior bestuur se prestasie, retensiemaatreëls, opleiding en ander verwante menslike hulpbronne aspekte. Bestuur neem nie deel en is nie

teenwoordig wanneer hul eie vergoeding bepaal word nie.

Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur en die komitee het drie vergaderings gedurende die jaar onder oorsig gehou. Die Besturende Direkteur en die Assistent Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne woon hierdie vergaderings by en lewer toepaslike insette.

ODUITKOMITEE

Die Ouditkomitee bestaan uit ses lede, naamlik vier nie-uitvoerende direkteure, en twee uitvoerende direkteure. Die voorsitter is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur wat ook 'n geëkspertiseerde rekenmeester is. Die eksterne en interne ouditeure sowel as die Assistent Hoofbestuurder Finansies woon die vergaderings van die komitee by. Die ouditkomitee is die skakel tussen die Direksie en die eksterne ouditeure en stel die Direksie in staat om oor die integriteit van finansiële verslagdoening, die maatskappy se finansiële kontroles en rapporteringstelsel toesig te hou.

Die ouditkomitee fokus op en hersien voorts die funksionering van interne beheerstelsels, funksionering van Interne Oudit departement, risiko-areas met betrekking tot bedrywe soos uitgewys deur interne en eksterne oudits, rekeningkundige standaarde en die maatskappy se vlak van nakoming van statutêre aspekte.

Die ouditkomitee het gedurende die jaar onder oorsig drie vergaderings gehou.

RISIKOBESTUURSKOMITEE

Die komitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die drie uitvoerende direkteure. Die Hoofbestuurders van Graan, Handel, sowel as die Groep Interne Ouditeur woon ook die

vergadering by. Vier vergaderings het gedurende die jaar plaasgevind.

Hierdie komitee is getaak om die raad by te staan met risikobestuur en beveiliging van die besigheid en sy hulpbronne. Gedurende die jaar onder oorsig is voortgebou deurdat 'n risikobestuurstelsel bekom en geïmplementeer is. Bestuur is deurlopend besig om wesenlike risiko's te identifiseer, kontroles en beheermaatreëls op te skerp en aan te spreek en om wesenlike risiko's te beperk of effektief uit te skakel. Geleenthede word ook via die proses tydig geïdentifiseer. Die daaglikse risikobestuursproses is geformaliseer en die komitee rapporteer deurlopend aan die raad.

Die Direksie het die volgende gerusstellings van die risikokomitee ontvang:

- Alle wesenlike en bekende risiko's wat spruit uit die daaglikse operasionele bedrywighede van die Groep is tot bevredigende en hanteerbare vlakke aangespreek deur middel van beheermaatreëls en deurlopende bestuurs-aandag. Dit word binne begroting en bedryfsresultate geakkommodeer.
- Potensiële eksterne risiko's wat veroorsaak mag word deur faktore soos die omgewing, mededinging en reputasie, kan ten slegste 'n gelykmatige impak oor die lang termyn inhou. Baie hiervan is reeds gedaag en die nodige bestuurskapasiteit en intellektuele kapitaal bestaan om dit effektief die hoof te bied.
- Die bedryfsresultate van die Groep in sy huidige vorm het 'n sterk korrelasie met klimaats- en markomstandighede en word wesenlik daardeur beïnvloed. Opgelope reserwes asook die vestiging van versekering bied 'n belangrike buffer teen sulke omstandighede.

- Die vermoë om droogtes en veranderde marktoestande te kan hanteer word verder versterk met die uitrol van die besigheidstrategie van uitbreidings na ander hoë potensiaal landbougebiede sonder duur kostestruktuur, asook uitbreidings op nasionale vlak van besigheidsfunksies wat nie op infrastruktuur steun of die landbousiklus so direk volg nie.

STANDAARDE KOMITEE

Die Standaard Komitee bestaan uit drie nie-uitvoerende direkteure en die Besturende direkteur. Die komitee het twee keer gedurende die jaar vergader.

Hierdie komitee bepaal en maak aanbevelings rakende die samestelling van die Direksie in die algemeen, die behoeftes en kundigheid benodig op Direksie en direksiekomitee-vlak, die bepaling van riglyne vir kandidate vir direksievakatures, die evaluasie en prestasie van die Direksie in geheel asook dié van individuele direkteure.

UITVOERENDE BESTUUR

Die Uitvoerende Bestuurspan bestaan uit die Besturende Direkteur, Direkteur Finansies en die Direkteur Bedryf en ander senior bestuur. Die Uitvoerende Bestuurspan vergader twee maal per maand en staan die Besturende Direkteur by in die dag tot dag bestuur van die maatskappy.

Die Besturende Direkteur, tesame met die Uitvoerende Bestuurspan, is verantwoordelik vir die praktiese implementering van die strategie en rigting van die maatskappy soos bepaal deur die Direksie, prioritisering van hulpbronne, vestiging van beste bestuurspraktyke en standaarde asook aanbevelings en voorleggings aan die Direksie.

Samestelling

Naam van beampte	Portefeulje	Maande in diens gedurende die jaar	Blank (B) / Swart (S)	Manlik (M) / Vroulik (V)
JJ Dique	Besturende Direkteur	12	B	M
F Strydom	Direkteur Bedryf	12	B	M
SH Alberts	Direkteur Finansies Hoofbestuurder Finansies	2 10	B	M
JMB Maswanganyi	Hoofbestuurder Korporatiewe Dienste	12	S	M
AM Lubbe	Hoofbestuurder Graan	12	B	M
FJ du Plessis	Hoofbestuurder Handel	12	B	M
EM Joynt	Groepsekretaris	12	B	V
AJ Erasmus	Groep Interne Ouditeur	12	B	M
CF Kruger	Assistent Hoofbestuurder Finansies	1	B	M
AC Morrison	Assistent Hoofbestuurder Besigheidsontwikkeling en Risikobestuur	12	B	M
HJ de Jager	Assistent Hoofbestuurder Menslike Hulpbronne	12	B	M
J Grobler	Assistent Hoofbestuurder Korporatiewe Bemaking	12	B	M

Korporatiewe beheer

vervolg...

Die gesag van die lede en die komitee word beperk tot die magte wat deur die Direksie aan hulle gedelegeer is.

GROEPSEKRETARIS

Die Direksie stel die Groepsekreteraris aan. Hierdie beampte is die nakomings- en inligtingsbeampte van die Groep en is verantwoordelik vir die uitvoering van alle statutêre vereistes wat op die Groep van toepassing is. Direkteure het onbelemmerde toegang tot die dienste van die Sekreteraris en laasgenoemde reël ook gepaste opleiding en oriëntering van direkteure waar nodig.

INTERNE BEHEER EN GROEP INTERNE OUDIT

Die Groep handhaaf stelsels van interne beheer wat fokus op kritiese risiko-areas. Hierdie stelsels en kontroles is ontwerp om redelike sekerheid aangaande die integriteit en betroubaarheid van die finansiële state te bied en om voldoende beveiliging en kontrole oor bates te bewerkstellig.

Organisasiestruktuur, opgeleide en gekeurde personeel, skeiding van pligte en gevestigde prosedures, verseker dat die beleid geïmplementeer en nagekom word. Daar bestaan inherente beperkings wat die effektiwiteit van enige stelsel van interne beheer beïnvloed, insluitende die moontlikheid van menslike foute en die omseiling van beheermaatreëls weens samespanning.

Gevolgtrek kan selfs 'n effektiewe interne beheerstelsel slegs redelike sekerheid ten opsigte van die opstelling van finansiële state en die beveiliging van bates verskaf. Regstellende stappe word gedoen om verbeterings aan te bring in gevalle waar leemtes geïdentifiseer word.

Die Groep Interne Ouditafdeling, bestaan uit toepaslik gekwalifiseerde personeel,

funksioneer ingevolge 'n oktrooi van die Direksie en met rapporteringsverantwoordelikheid en onbeperkte toegang tot die Ouditkomitee.

WERKNEMERS

Senwes maak gebruik van verskeie strukture waar werknemers betrokke is ten opsigte van bedinging, regstellende aksie, vaardigheidsontwikkeling, veiligheid en verbetering van produktiwiteit.

Die Groep is verbind om 'n werksomgewing te skep wat bevorderlik is vir eienaarskap en produktiewe deelname aan die onderneming se aktiwiteite.

Gedurende die jaar onder oorsig is 'n gesondheidsbewusmakingsprogram geloods ten einde personeel se fisiese- en psigiese welstand te bevorder.


VERHOUDINGE MET BELANGHEBBENDES

Die Direksie streef om behoeftes van belanghebbendes te akkommodeer en op te weeg oor wat in die beste belang van die maatskappy is.

Die etiese kode beheer die Groep se verantwoordelikheid teenoor alle belanghebbendes en vereis dat die Direksie, Bestuur en ander personeel hulle verbind tot die nakoming van hoër morele en etiese standaarde asook statutêre vereistes.

Die Groep se bedrywighede trek verskeie belanghebbendes aan en word gepoog om hul behoeftes by wyse van nie-finansiële rapportering te akkommodeer. Sodoende

Die oop en geslote verhandelingsstye, waaraan streng voldoen was, was soos volg gedurende die jaar:



kan 'n meer geïntegreerde benadering tot verslagdoening voorgelê word.

Die korporatiewe bemakingsafdeling asook die kantoor van die Groepsekreteraris speel 'n belangrike rol om voortdurende kommunikasie met belanghebbendes te verseker.

Die Senwes webtuiste, www.senwes.co.za bevat die nuutste inligting rakende ander finansiële prestasie, bedrywe, graan- en aandeelverhandeling en is 'n belangrike hulpmiddel vir die eksterne kommunikasie.

Aandeelhouders word genooi om die algemene jaarvergadering by te woon en van die geleentheid gebruik te maak om met die Direksie op persoonlike vlak te kommunikeer.

BINNEKENNIS EN HANDEL IN AANDELE

In ooreenstemming met goeie praktyk het die Groep 'n beleid gevestig wat die handel met maatskappy-aandeel gedurende sekere tye reguleer. Gedurende bepaalde tye, die sogenaamde "geslote tye" word direkteure en personeel verbied om met die maatskappy se aandele te handel.

Hierdie geslote tye strek vanaf een maand voor jaareinde of een maand voor die halfjaar, tot met publikasie van die resultate. Van tyd tot tyd bepaal die Direksie ook tye wanneer verhandelinge verbode is weens die feit dat die Direksie en/of Bestuur beskik oor prys sensitiewe inligting wat nie in die publieke domein bekend is nie.

Aandele is beskikbaar op 'n vrye verhandelingsmeganisme waartoe alle aandeelhouders en potensiële beleggers toegang het.

Belange van direkteure in aandeelkapitaal op jaareinde

(Eie naam of by wyse van ander entiteit)

AANDEELHOUDING VAN DIREKTEURE								
	2005				2004			
	SENWES		SENWESBEL		SENWES		SENWESBEL	
NAAM VAN DIREKTEUR	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%	AANTAL	%
Nie-uitvoerend:								
JPL Alberts	-	-	48 681	0,06%	-	-	-	-
JE Grobler	114 694	0,06%	1 922 738	2,17%	139 694	0,07%	1 443 874	1,57%
JP Botma	136 429	0,07%	454 094	0,51%	136 429	0,07%	158 796	0,17%
Jan Botma Trust	17 969	0,01%	27 557	0,03%	17 969	0,01%	27 557	0,03%
JA E Els	1 245	-	807 864	0,91%	18 130	0,01%	400 000	0,44%
MJ Lourens	43 848	0,02%	128 118	0,14%	43 848	0,02%	55 561	0,06%
GNV Magashula	-	-	-	-	-	-	-	-
JDM Minnaar	6 812	-	2 000 000	2,26%	6 812	-	8 336	0,01%
JDM Minnaar (Lerna Boerdery)	145 011	0,07%	1 500 000	1,69%	328 820	0,16%	2 506 169	2,73%
JDM Minnaar (Robyn Trust)	-	-	230 000	0,26%	-	-	-	-
JA Mostert	5 907	-	21 110	0,02%	5 907	-	21 110	0,02%
JD Shahim (Maizefield Trust)	164 952	0,08%	200 579	0,23%	164 952	0,08%	96 161	0,10%
WH van Zyl	400 733	0,20%	1 807 094	2,04%	355 732	0,18%	402 947	0,44%
Uitvoerend:								
JJ Dique	1 000 000	0,50%	-	-	128 803	0,06%	-	-
F Strydom	295 731	0,15%	-	-	100 000	0,05%	-	-
JD Gouws (bedank 14/02/2005)	-	-	-	-	100 000	0,05%	-	-
SH Alberts	31 487	0,01%	-	-	-	-	-	-
Subtotaal van direkteure	2 364 818	1,17%	9 147 835	10,32%	1 547 096	0,77%	5 120 511	5,57%
Nie-direkteure	198 983 014	98,83%	79 526 647	89,68%	199 800 736	99,23%	86 821 427	94,43%
TOTAAL	201 347 832	100,00%	88 674 482	100,00%	201 347 832	100,00%	91 941 938	100,00%



EM Joynt
Sekretaris

Groepoorsig

	2005 R'm	2004 R'm	2003 R'm	2002 R'm	2001 R'm	2000 R'm	1999 R'm
BALANSSTAAT							
Bates							
- Nie-bedryfsbates	269	381	437	477	609	774	882
- Bedryfsbates	1 595	1 771	1 944	2 508	2 795	3 199	3 031
- Totaal	1 864	2 152	2 381	2 985	3 404	3 973	3 913
Ekwiteit en aanspreeklikhede							
- Kapitaal en reserwes	618	569	372	302	514	863	978
- Nie-bedryfslaste	69	60	113	84	75	202	226
- Bedryfslaste	1 177	1 523	1 896	2 599	2 815	2 908	2 709
- Totaal	1 864	2 152	2 381	2 985	3 404	3 973	3 913
Rentedraende finansiering	803	1 050	1 074	1 800	2 265	2 467	2 144
INKOMSTESTAAT							
Inkomste							
- Insetverskaffing	1 035	1 074	1 394	1 580	1 433	1 335	1 132
- Marktoegang	2 887	2 336	3 854	2 448	452	290	407
- Nywerhede	425	403	372	1 762	2 151	2 467	2 267
Normale bedryfsaktiwiteite	4 347	3 813	5 620	5 790	4 036	4 092	3 806
- Korporatief	10	12	19	7	1	-	1
- Eindigende bedrywe	-	739	2 106	357	441	337	223
- Intersegmentverkope	(107)	(85)	(82)	-	-	-	-
	4 250	4 479	7 663	6 154	4 478	4 429	4 030
- Verskansings- en direkte transaksies	5 266	5 176	4 668	3 272	2 599	632	584
Waarde van sake gedoen	9 516	9 655	12 331	9 426	7 077	5 061	4 614
Wins/(verlies)							
Voortgesette bedrywe							
- Insetverskaffing	(12)	(37)	6	16	(26)	27	82
- Marktoegang	177	197	156	99	78	31	29
- Nywerhede	9	15	19	(29)	(146)	(124)	(62)
Normale bedryfsaktiwiteite	174	175	181	86	(94)	(66)	49
- Korporatief	(35)	(40)	(29)	(21)	(29)	4	(9)
- Beleggingsinkomste	14	14	13	5	10	(15)	(10)
	153	149	165	70	(113)	(77)	30
Eindigende bedrywe	-	23	(66)	-	(5)	(5)	(23)
- Wins/(verlies) voor abnormale items	153	172	99	70	(118)	(82)	7
- Abnormale items	85	28	(43)	(294)	(363)	(32)	-
Wins/(verlies) voor belasting	238	200	56	(224)	(481)	(114)	7
- Belasting	(43)	(32)	-	13	92	(1)	1
- Netto wins na belasting	195	168	56	(211)	(389)	(115)	8
- Minderheidsbelange	-	-	-	(3)	41	-	2
Netto wins/(verlies)	195	168	56	(214)	(348)	(115)	10
Finansieringskoste	(84)	(135)	(216)	(262)	(301)	(355)	(361)
KONTANTVLOEISTAAT							
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite							
- Kontantwinst	255	227	174	194	15	26	(5)
- Dividende betaal	(92)	-	-	-	-	-	-
- Bedryfskapitaal bewegings	(8)	(434)	554	198	80	(243)	(327)
- Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	92	231	(10)	74	100	28	(98)
- Kontant gegenerer/(verbruik)	247	24	718	466	195	(189)	(430)
- Terugkoop van eie aandele	-	(2)	(2)	-	-	-	-
- Afname in langtermynlenings	(1)	-	(3)	(27)	(19)	(27)	(21)
Netto kontantvloei	246	22	713	439	176	(216)	(451)

	Definisie	2005	2004	2003	2002	2001	2000	1999
GETAL GEWONE AANDELE ('m)								
Geweegde gemiddelde getal uitgereik		201	202	204	206	206	206	194
Getal uitgereik op jaareinde		201	201	203	206	206	206	206
GEWONE AANDEELPRESTASIE (SENT PER AANDEEL)								
Verdiens	1	96,8	83,0	27,4	(104,1)	(169,4)	(56,0)	5,3
Wesensverdiens	2	50,2	63,3	48,4	(76,9)	(106,1)	(52,5)	8,3
Wesensverdiens voor abnormale items	3	59,7	49,4	69,4	39,4	(10,5)	(36,7)	(0,0)
Kontantvloei	4	122,7	11,9	351,2	226,7	94,7	(91,9)	(222,2)
Netto batewaarde	5	306,9	282,6	183,3	145,9	246,8	414,7	466,0
Markprys #	6	165,0	80,0	-	-	-	-	-
Normale dividend	7	10,0	5,5	-	-	-	-	2,5
Spesiale dividend	8	37,5	-	-	-	-	-	-
Dividendopbrengs op markprys (%) #	9	6,1	6,9	-	-	-	-	-
Dividendopbrengs op markprys, insluitende spesiale dividend #	10	28,8	6,9	-	-	-	-	-
Dividenddekking (aantal keer)	11	9,7	15,2	-	-	-	-	2,0
Dividenddekking, insluitende spesiale dividend (aantal keer)	12	2,0	-	-	-	-	-	-
OPBRENGSTE								
Beweging in ekwiteit (R'm)	13	49	197	70	(212)	(349)	(115)	3
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouders- belang (%)	14	33	36	17	(53)	(51)	(13)	1
Bedryfswins uit voortgesette bedrywighe as % van inkomste	15	6	5	2	(4)	(12)	(3)	1
Bedryfswins uit voortgesette bedrywighe, maar voor abnormale items, as % van inkomste	16	4	4	3	1	(3)	(2)	1
Effektiewe belastingkoers (%)	17	18	16	-	6	(20)	1	(4)
PRODUKTIVITEIT								
Inkomste teenoor ekwiteit (aantal keer)	18	7	8	21	20	9	5	4
Inkomste per werknemer (R'000)	19	1 668	1 763	1 215	885	495	454	402
SOLVABILITEIT EN LIKIDITEIT								
Ekwiteit as % van netto bates – Groep	20	43	35	25	14	18	26	30
Ekwiteit as % van netto bates – Maatskappy	21	43	35	28	16	20	27	32
Ekwiteit as % van netto bates (Agentskapsgraan-debiteure uitgesluit) – Groep	22	57	41	31	18	21	30	36
Ekwiteit as % van netto bates (Agentskapsgraan- debiteure uitgesluit) – Maatskappy	23	57	41	37	20	23	33	39
Rentedekking deur kontantwinste	24	4,0	2,7	1,8	1,8	1,1	1,2	1,1
Hefboomfinansieringsverhouding	25	130	185	289	596	441	286	219
Rentevrye laste as % van ekwiteit	26	70	90	239	292	122	73	71
Bedryfsverhouding	27	1,4	1,2	1,0	1,0	1,0	1,1	1,1
Vuurproefverhouding	28	1,1	0,7	0,7	0,7	0,7	0,8	0,9

Verhandelings van aandele het effektief in April 2003 begin. Voor hierdie datum word aandele geag nie 'n billike markwaarde te hê nie.

Definisies

1. VERDIENSTE PER AANDEEL

Verdiens te beskryfbaar aan aandeelhouders gedeel deur die gewoegde gemiddelde aantal uitgereikte aandeel gedurende die jaar.

2. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL

Verdiens te beskryfbaar aan aandeelhouders, met uitsluiting van:

- wins/(verlies) met verkoop van vaste bates,
- wins/(verlies) met verkoop en/of beëindiging van bedrywighede,
- wins/(verlies) met verkoop van beleggings,
- wins/(verlies) met verkoop van filiale,
- voorsiening vir waardedaling van bates,
- amortisasie van klandisiewaarde,

gedeel deur die gewoegde gemiddelde aantal uitgereikte aandeel gedurende die jaar.

3. WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VOOR ABNORMALE ITEMS

Dieselfde as vir wesensverdiens te per aandeel, behalwe vir die verdere uitsluiting van abnormale items.

4. KONTANTVLOEI PER AANDEEL

Toeskryfbare kontantvloei uit bedrywighede gedeel deur die gewoegde gemiddelde aantal uitgereikte aandeel gedurende die jaar.

5. NETTO BATEWAARDE PER AANDEEL

Kapitaal en reserwes, verminder met ontasbare bates, gedeel deur die aantal uitgereikte aandeel op jaareinde.

6. MARKPRYS PER AANDEEL

Verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.

7. DIVIDEND PER AANDEEL

Totale dividend verklaar gedeel deur die aantal uitgereikte aandeel op jaareinde.

8. SPESIALE DIVIDEND PER AANDEEL

Selfverklarend.

9. DIVIDENDOPBRENGS OP MARKPRYS

Dividend per aandeel, gedeel deur die verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.

10. DIVIDENDOPBRENGS OP MARKPRYS, INSLUITENDE SPESIALE DIVIDEND

Dividend per aandeel, insluitende die spesiale dividend, gedeel deur die verhandelingsprys van die laaste transaksie in die finansiële jaar.

11. DIVIDENDDEKKING

Toeskryfbare wins vir die jaar gedeel deur die totale dividend verklaar.

12. DIVIDENDDEKKING, INSLUITENDE SPESIALE DIVIDEND

Toeskryfbare wins vir die jaar, gedeel deur die totale normale dividend verklaar, met die insluiting van die spesiale dividend.

13. BEWEGING IN EKWITEIT

Verskil in kapitaal en reserwes in huidige jaar teenoor vorige jaar.

14. OPBRENGS OP GEMIDDELDE AANDEELHOUDERSBELANG

Verdiens te beskryfbaar aan aandeelhouders uitgedruk as 'n % van gemiddelde kapitaal en reserwes.

15. BEDRYFSWINS UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHED AS % VAN INKOMSTE

Selfverklarend.

16. BEDRYFSWINS UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHED, MAAR VOOR ABNORMALE ITEMS, AS % VAN INKOMSTE

Selfverklarend.

17. EFFEKTIEWE BELASTINGKOERS

Werklike inkomstebelasting-uitgawe as % van netto inkomste voor belasting.

18. INKOMSTE/EKWITEIT (AANTAL KEER)

Inkomste gedeel deur ekwiteit.

19. INKOMSTE PER WERKNEMER

Inkomste gedeel deur die aantal permanente werknemers op jaareinde in diens.

20. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES – GROEP

Kapitaal en reserwes uitgedruk as % van totale bates verminder met rentevrye finansiering.

21. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES – MAATSKAPPY

Sien definisie 20.

22. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES MET UITSLUITING VAN AGENTSAPSGRAANDEBITEURE – GROEP

Kapitaal en reserwes uitgedruk as % van totale bates na uitsluiting van agentsapsgraandebiteure en rentevrye finansiering.

23. EKWITEIT AS % VAN NETTO BATES MET UITSLUITING VAN AGENTSAPSGRAANDEBITEURE – MAATSKAPPY

Sien definisie 22.

24. RENTEDEKING DEUR KONTANTWINSTE

Kontantwinste voor finansieringskoste gedeel deur finansieringskoste.

25. HEFBOOMFINANSIERINGSVERHOUDING

Rentedraende skuld, verminder met kontant, gedeel deur kapitaal en reserwes.

26. RENTEVRYE LASTE AS % VAN EKWITEIT

Rentevrye laste en voorsienings gedeel deur ekwiteit.

27. BEDRYFSVERHOUDING

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

28. VUURPROEFVERHOUDING

Bedryfsbates verminder met voorraad gedeel deur bedryfslaste.

Staat van toegevoegde waarde

vir die jaar geëindig 30 April

SKEP VAN WELVAART

Inkomste
Beleggingsaktiwiteite
Betaal aan verskaffers van goedere
en dienste

VERSPREIDING VAN WELVAART


Werknemers
Owerhede
Verskaffers van eksterne kapitaal

Beskikbaar vir eienaars
Teruggehou vir uitbreiding en groei
Dividende betaal
Voorsien vir batevervanging


Waardedaling van vaste bates

GROEP				MAATSKAPPY			
2005		2004		2005		2004	
R'm	%	R'm	%	R'm	%	R'm	%
4 250		4 479		3 949		3 530	
118		17		121		36	
(3 645)		(3 810)		(3 378)		(2 970)	
723	100	686	100	692	100	596	100
258	36	315	46	237	34	242	41
47	6	40	6	41	6	36	6
84	12	135	20	84	12	129	22
323	45	195	28	319	46	188	31
195	27	168	24	195	28	164	27
95	13	-	-	95	14	-	-
33	5	27	4	29	4	24	4
11	1	1	-	11	2	1	-
723	100	686	100	692	100	596	100

Verspreiding van welvaart – Groep 2005



Verspreiding van welvaart – Groep 2004



Verklaring van verantwoordelikheid deur die Direksie

Die direkteure is verantwoordelik vir die voorbereiding, integriteit en redelike weergawe van die finansiële state van Senwes Bpk en sy filiale. Die finansiële state uiteengesit op bladsy 38 tot 81 is opgestel in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Die direkteure het ook alle ander inligting wat ingesluit is in hierdie jaarverslag voorberei en is verantwoordelik vir beide die akkuraatheid en konsekwentheid van die finansiële state.

Die direkteure is ook verantwoordelik vir die Maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer en risikobestuur en beide word op gereelde basis nagegaan. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling te bied oor die betroubaarheid van die finansiële state, toereikende beveiliging en instandhouding van die bates te bied en om wanvoorstelling en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die Direksie gekom wat 'n wesentliche tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig, mag aandui nie.

Die lopende saak grondslag is gebruik by die opstel van die finansiële state. Die direkteure het geen rede om te glo dat die Groep of enige maatskappy in die Groep nie 'n lopende saak in die nabye toekoms sal wees nie, gebaseer op resultate, bedryfstendense, markomgewing, vooruitskattings, risiko's, kapitaalstruktuur en beskikbare kontant- en finansieringsbronne.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Ernst & Young. Die onafhanklike ouditeure is onbeperkte toegang verleen tot alle finansiële rekords, ingesluit alle notules van direksie-, direksiekomitee-, bestuurs- en aandeelhoudervergaderings. Die direkteure glo dat alle voorstellings aan die onafhanklike ouditeure tydens die audit, geldig en behoorlik was.

Die Maatskappy finansiële jaarstate en die Groep finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2005, soos uiteengesit op bladsy 38 tot 81, is deur die Direksie goedgekeur.



JE Grobler

Voorsitter



JJ Dique

Besturende Direkteur



SH Alberts

Direkteur Finansies

23 Junie 2005

Verklaring van die Sekretaris

Die Sekretaris sertifiseer in terme van artikel 268G(d) van die Maatskappywet, soos gewysig, dat alle opgawes soos vereis deur genoemde Wet, ingedien is by die Registrateur van Maatskappye en dat genoemde opgawes waar, korrek en op datum is.



EM Joynt

Sekretaris

23 Junie 2005

Verslag van die onafhanklike ouditeure



Aan die lede van

SENWES BPK

Ons het die finansiële jaarstate van die Maatskappy en Groep finansiële jaarstate van Senwes Bpk, soos uiteengesit op bladsye 38 tot 81, vir die jaar geëindig 30 April 2005 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek.

Omvang

Ons het ons audit ooreenkomstig standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaard vereis dat ons die audit beplan en onderneem ten einde redelike gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings. 'n Oudit sluit in:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat bedrae en openbaarmakings in die finansiële state steun;
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings deur Bestuur gemaak; asook
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons is van mening dat ons audit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

Ouditmening

Na ons mening bied hierdie finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die Maatskappy en Groep op 30 April 2005 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktijk en op die wyse deur die Maatskappywet in Suid Afrika vereis.

A handwritten signature in cursive script that reads 'Ernst & Young'.

Ernst & Young

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

23 Junie 2005

Johannesburg

Statutêre direkteursverslag

1. HOOFDOELSTELLINGS

Die hoofdoelstellings van die Maatskappy is die volgende:

- 1.1 Verskaffing van primêre landbou-insette.
- 1.2 Skepping van marktoegang vir landbouprodukte.

2. VERANDERING IN AARD VAN AKTIWITEITE

Geen wesenlike veranderinge het gedurende die jaar plaasgevind in die aard van eiendom, aanleg en toerusting nie.

3. FILIALE EN ANDER FINANSIËLE BATES

Besonderhede van die houermaatskappy se belang in filiale en ander finansiële bates word in aantekeninge 3, 4 en 5 tot die finansiële state uiteengesit.

4. RESULTATE

Die netto wins na belasting vir die Groep vir die jaar onder oorsig het R195 miljoen beloop (2004 – R168 miljoen).

Die opgesomde resultate is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Inkomste	4 250	4 479	3 949	3 530
Waarde van sake gedoen	9 516	9 655	9 215	8 706
Bedryfswins	308	321	300	290
Netto wins na belasting	195	168	195	164

Verwys aantekening 1 tot die finansiële state vir die volledige segmentontleding.

Ingesluit by waarde van sake gedoen, is verskansings- en direkte transaksies ten bedrae van R5 266 miljoen (2004 – R5 176 miljoen). Inkomste het met 5% gedaal tot R4 250 miljoen, hoofsaaklik weens die bedrywe wat in die vorige finansiële jaar beëindig is. Die Insetverskaffing divisie se inkomste het met 4% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die daling in direkte insetverkope weens die laer aanplantings in die streek, asook 'n daling in meganisasie-inkomste met betrekking tot heelwerktuie en onderdele.

Daar was 'n afname in die bedryfswins van R13 miljoen (4%). Die R38 miljoen styging in die wins voor belasting, is toeskryfbaar aan die kapitaalwinst met die verkoop van die belegging in

Pioneer Bpk asook die feit dat finansieringskoste met R51 miljoen (38%) gedaal het.

Die Nywerheidsbedrywighede, Hartswater Wynkelder en die Saadafdeling, het positiewe resultate getoon. Senwesko Voere het 'n verlies vir die jaar gely.

Die opgesomde balansstaat is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Totale bates	1 864	2 152	1 823	2 102
Totale netto rente- draende skuld	803	1 050	802	1 047

Die laer balansstaat is die gevolg van 'n groter belegging in graan kontantvoorskot debiteure wat teëgewerk is deur die verlaagde finansieringsdebiteure sowel as graanvoorraad, beleggings wat te gelde gemaak is asook konantwinsts gegenereer. 'n Oorsig van die jaar se resultate word ook in die finansiële oorsig op bladsy 24 gegee.

5. DIVIDENDE

Die direkteure stel voor dat 'n finale dividend van 5,5 sent per aandeel (2004 – 5,5 sent) verklaar word. 'n Interim dividend van 4,5 sent (2004 – nul) asook 'n spesiale dividend van 37,5 sent (2004 – nul) is gedurende die jaar betaal. Alle aandeelhouers wat geregistreerde aandeelhouers is in die aandeleregister op 23 Augustus 2005 sal dividende ontvang wat op ongeveer 9 September 2005 uitbetaal sal word, na bekragtiging daarvan deur die aandeelhouers op die algemene jaarvergadering.

6. DIREKTEURE EN SEKRETARIS

6.1 DIE NAME VAN DIE DIREKTEURE VERSKYN OP BL 6, 7 EN 10

Die volgende bedankings en uittredes het/gaan geskied:

JD Gouws	(14 Februarie 2005)
JV Roberts	(28 Februarie 2005)
JE Grobler	(25 Augustus 2005)
JAE Els	(25 Augustus 2005)

Die volgende aanstellings het/gaan geskied:

SH Alberts	(3 Maart 2005)
JE Grobler	(25 Augustus 2005)
JAE Els	(25 Augustus 2005)

Die onafhanklike nie-uitvoerende direkteure word jaarliks deur die Direksie verkies na afloop van die algemene jaarvergadering. Die direkteure is tans mnre JPL Alberts en GNV Magashula.

6.2 SEKRETARIS

EM Joynt

Geregistreerde adres - Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp.

6.3 OPENBARE AMPTENAAR

JD Gouws (Bedank 14 Februarie 2005)

SH Alberts (Aangestel 15 Februarie 2005)

7. AANDELEKAPITAAL

Geen uitreiking van aandele het gedurende die jaar plaasgevind nie.

8. KOOP VAN AANDELE

Senwesbel, Senwes se houermaatskappy, het op 8 Desember 2004 'n aanbod aan Senwes en Senwesbel aandeelhouders met minder as 10 000 aandele of aandele gehou deur lede as 70 jaar en ouer of aandele in boedels gehou, gemaak om hul aandele te koop. Die aanbod het aan aandeelhouders die keuse tot 25 Februarie 2005 gebied om hul aandele te behou of om die aanbod te aanvaar. Aandele is ook deur die jaar gekoop op eksekusievelings en word in ondergenoemde syfer ingesluit.

Die volgende aandele is gekoop:

Senwes: 3 065 564

(aandele aan Senwesbel verkoop ingevolge direksiebesluit)

Senwesbel: 3 267 456

(aandele teruggekoop ingevolge artikel 85 van die Maatskappywet)

9. HOUERMAATSKAPPY

Die houermaatskappy van Senwes Bpk is Senwesbel Bpk, 'n maatskappy geïnkorporeer in Suid-Afrika.

10. GEBEURE NA BALANSSTAATDATUM

Geen.

11. BELANGRIKE HOFGEDINGE UITSTAANDE EN ANDER VOORWAARDELIKE ITEMS

Die moontlike voorwaardelike aanspreeklikhede met betrekking tot die voormalige Vaalharts Koöp lede, SAID en voormalige werknemers word volledig in aantekening 19 openbaar. Soos reeds in die vorige jaar openbaar gemaak, het die Maatskappy

ook 'n regsgeging ingestel teenoor sy vorige ouditeure, PricewaterhouseCoopers Ing., asook sekere vorige bestuurslede. Die eise handel oor die partye se optrede en gevolglike voortvloeiende verliese wat ontstaan het in die finansiële jare 1998 tot 2000.

12. SPESIALE BESLUITE

Tydens die Algemene Jaarvergadering op 12 Augustus 2004 is spesiale besluite geneem dat:

12.1 algemene magtiging aan die Direksie verleen word om eie aandele terug te koop;

12.2 bepaalde magtiging aan die Direksie verleen word om eie aandele terug te koop in gevalle van:

12.2.1 Bestorwe/insolvente boedels;

12.2.2 Eksekusievelings;

12.2.3 Solvente aandeelhouders wat 70 jaar en ouer is;

12.2.4 Aandele aangebied by die verhandelingskamer;

12.2.5 Aandele van filiale;

12.2.6 Aandele van aandeelhouders met minder as 10 000 aandele; en

12.2.7 Aandele van die Senwes Personeel Aandele Trust.

Rekeningkundige beleid

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die rekeningkundige beleid wat deur die Groep toegepas word, is in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële jaar.

1.1 BASIS VAN AANBIEDING

Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met en voldoen aan die Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Die finansiële state word opgestel volgens die historiesekoste-grondslag, behalwe vir afgeleide finansiële instrumente en beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates. Die drawaardes van bates en laste wat verskans is, word aangepas om veranderinge in die billike waardes weens die risiko's wat verskans word, te weerspieël.

1.2 KONSOLIDASIEBELEID EN FILIALE

Filiale is entiteite waar beheer oor die entiteite se bedryfs- en finansiële beleid uitgeoefen kan word ten einde voordeel uit sy aktiwiteite te trek of waar die Groep die meerderheid van die stemreg besit.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die bates en laste van al die filiale en hul resultate vir die periode in. In geval van verkryging of belangverandering gedurende die jaar, is die resultate van die betrokke filiale ingesluit vanaf die datum van effektiewe beheer, of tot die datum van afstanddoening van effektiewe beheer. Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste en verliese tussen maatskappye in die Groep word geëlimineer.

Enige voorsienings vir afskrywings van die beleggings soos veroorsaak deur die ontstaan van opgehoopte verliese in die entiteit word teruggeskryf by konsolidasie. Waar waardedalings voorkom word dit teen die betrokke bateklas verantwoord.

Beleggings in filiale op maatskappyvlak word getoon teen kosprys min enige voorsienings vir waardedalings.

1.3 GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Gesamentlike ondernemings is ondernemings ingevolge waarvan die Groep, saam met een of meer ander ondernemers 'n ekonomiese aktiwiteit uitvoer wat aan gesamentlike beheer onderworpe is.

Die Groep se belang in gesamentlike ondernemings is deur die proporsionele konsolidasiemetode in berekening gebring. Die inkomstestaat, balansstaat, kontantvloeistaat en staat van veranderinge in ekwiteit sluit die Groep se gedeelte van inkomste,

uitgawes, bates, laste en kontantvloeï van hierdie gesamentlike ondernemings op 'n lyn-vir-lyn grondslag in.

1.4 ANDER BELEGGINGS

Alle beleggings word aanvanklik erken teen kosprys, dit is die bedrag betaal ingesluit enige verkrygingskoste wat met die belegging geassosieer word.

Na aanvanklike erkenning word beleggings wat geklassifiseer word as beskikbaar-vir-verkoop, aangepas na billike waarde. Wins of verliese wat ontstaan met die billike waarde aanpassings op hierdie beleggings word direk teen ekwiteit erken. Sodra die belegging verkoop of vervreem word, of indien enige waardedalings erken word, word die opgelope wins of verlies voorheen as ekwiteit getoon, ingeneem as deel van die netto wins of verlies in die inkomstestaat.

1.5 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Eiendom, aanleg en toerusting word gehou met die doel om ekonomiese voordeel daaruit te trek oor meer as een periode en is nie aangekoop vir doeleindes van herverkoop nie.

Alle eiendom, aanleg en toerusting word erken teen kosprys. Latere meting word bepaal teen die bate se kosprys min opgelope depresiasie en waardedalings.

Winst en verliese met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting word bereken op grond van hulle drawaardes en word in berekening gebring by bedryfswins. Met verkope van herwaardeerde bates, word bedrae in die nie-verdeelbare reserwes ten opsigte van die herwaardeerde bates oorgeplaas na onaangewende inkomste.

Depresiasie word oor die verwagte nuttige lewensduur teen 'n vaste paaïementsgrondslag bereken teen die volgende toepaslike koerse:

	%
• Grond	-
• Geboue en verbeterings	2,5 - 2,85
• Masjinerie en toerusting	7,5 - 33,3
• Voertuie	20

Grond word nie gedepresieer nie aangesien dit geag word 'n onbepaalde lewensduur te hê.

1.6 VOORRAAD

Voorraad verteenwoordig bates wat gehou word vir verkoop in

die normale gang van sake, vir die produsering van bates vir verkoop, of vir die gebruik in produksieprosesse of lewering van dienste.

Die koste van voorraad sluit in die kosprys, produksiekoste en enige koste aangegaan om dit te bring tot die huidige ligging en toestand, gereed vir die beoogde doel. Rente word nie ingesluit by voorraadkoste nie, maar erken as 'n uitgawe in die periode aangegaan.

Koste van produksie sluit in koste direk toeskryfbaar aan eenhede geproduseer en sluit in direkte koste soos direkte lone en salarisse en veranderlike bokoste sowel as die sistematiese toedeling van vaste produksiebokoste gebaseer op die produksiefasiliteit se normale kapasiteit.

Voorraad word teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde getoon. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopprijs in die normale gang van sake.

Die koste van voorraaditems word gemeet op grond van hulle kenmerke, wat betref hulle aard en gebruik.

Die kosprys van voorraad word volgens die geweegde gemiddelde koste metode bepaal behalwe waar dit toepaslik is om 'n ander basis te gebruik op grond van die voorraad se kenmerke. Voorraad se kosprys bepaal op 'n ander basis as geweegde gemiddelde koste is soos volg:

- Grondbone Standaardkoste en geweegde gemiddelde koste metode
- Eie graanakkommoditeite Spesifieke kontrakprys

1.7 AGENTSKAPSGRAANDEBITEURE

Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings gemaak ten behoeve van derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en is betaalbaar deur die derde party by lewering van sodanige landbouprodukte aan hulle. Verkope met betrekking tot verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien, word ook hierby ingesluit.

1.8 UITGESTELDE BELASTING

Daar word voorsiening gemaak vir uitgestelde belasting ten opsigte van alle tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasisse van bates en laste en hul drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes deur gebruik te maak van die belastingkoers wat op jaareinde geld. Die aanspreeklikheid vir

uitgestelde belasting of uitgestelde belastingbates word aangepas met enige veranderinge in die inkomstebelastingkoers.

Volgens hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde inkomstebelasting op herwaardasies van sekere nie-bedryfsbates en op die verskil tussen billike waardes en die belastingbasis van bates tydens verkryging.

Uitgestelde belastingbates wat bestaan as gevolg van onbenutte belastingverliese word beperk tot die mate wat dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare inkomste beskikbaar sal wees waarteen die onbenutte belastingverliese benut kan word.

1.9 VERPLIGTING TEN OPSIGTE VAN LANGTERMYN WERKNEMERVORDELE

1.9.1 Aftreeverpligting

Die aftreeverpligting behels omskrewe vaste-bydraefondse geregistreer in terme van die Pensioenfondswet, 1956 en die bates word apart deur trustees geadministreer. Befondsing geskied ingevolge diensvoorwaardes deur middel van bydraes deur die Maatskappy en deelnemende filiale asook werknemers. Bydraes word erken in die inkomstestaat in die periode waarin dit aangegaan word. Omrede die fondse omskrewe bydrae fondse is word enige onderbefondsing wat moontlik kan ontstaan wanneer die waardes van bates daal onder dié van bydraes geabsorbeer deur lede by wyse van verlaagde voordele. Gevolglik dra die Groep geen blootstelling ten opsigte hiervan nie.

1.9.2 Na-aftrede mediese sorg verpligting

Die toekomstige koste van na-aftrede mediese koste word teen inkomste voorsien, gegrond op 'n onafhanklike jaarlikse aktuariële waardasie. Die koste word teen die inkomstestaat erken op die infaseringsmetode vir oorgangsreëlings gegrond op die feit dat die verpligting ten opsigte van bestaande pensioenarisse waarvan die totale verpligting voorsien moet word teen 30 April 2005.

Ten gemelde datum het die voorsiening 100% van die verpligting beloop gegrond op sekere aanvaarde wysigings in voordele.

1.10 KORTTERMYN WERKNEMERVORDELE

Hierdie sluit normale voordele soos salarisse, lone, betaalde verlof, siekteverlof, winsdeling- en ander bonusse asook byvoordele in ten opsigte van huidige werknemers en word erken teen inkomste in die tydperk waarin dit aangegaan word. 'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van

Rekeningkundige beleid

vervolg...

aansporingsbonusse wanneer daar 'n konstruktiewe verpligting bestaan en 'n akkurate beraming van die verpligting gemaak kan word.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van die verwagte koste van die verpligting ten opsigte van beide normale en langdiensverlofdae opgehoop, omgeskakel na 'n randwaarde op jaareinde gegrond op die kontantekwivalent daarvan. Die nodige aanpassing word verreken teen inkomste in die inkomstestaat.

'n Voorsiening word geskep ten opsigte van normale dertiende tjeke bonusse opgeloopt aangesien prorata uitbetaling geskied indien bedanking plaasvind voor die personeel se normale verkose uitbetalingsdatum.

Uitdienstredingsvoordele by diensbeëindiging word as 'n verpligting en uitgawe erken wanneer die onderneming verbind is tot die beëindiging van die pos voor normale werknemeraftrede of wanneer voordele aangebied word om vrywillige oortollige diensbeëindiging aan te moedig. Indien dit egter onseker is wie die aanbod sal aanneem, word slegs 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar.

1.11 INKOMSTE ERKENNING

Inkomste verteenwoordig die netto gefaktuurde waarde van goedere en dienste sowel as enige kommissie ontvang voortvloeiend uit die aktiwiteite as graanhanteerder en verskaffer van versekering en finansiële dienste. Rente ontvang wat voortspruit uit kredietverskaffing word ook as inkomste getoon, slegs tot die mate waartoe invordering redelik seker is. Inkomste word getoon met die uitsluiting van belasting op toegevoegde waarde.

Intergroepverkope word geëlimineer.

Inkomste uit verkope van goedere word erken wanneer wesenslike risiko's en vergoeding vir eienaarskap van die goedere oorgedra word aan die koper en dit redelik seker is dat die ekonomiese voordele betrokke by die transaksie na die onderneming sal vloei.

Inkomste op agentskapsgraandebiteure word op 'n tydsverhoudingsgrondslag erken soos dienste gelewer word.

Inkomste uit dienste gelewer word erken deur inagneming van die stadium van voltooiing op balansstaatdatum en/of die resultaat daarvan redelik akkuraat bepaal kan word. Indien die inkomste nie redelik akkuraat bepaal kan word nie, word

inkomste slegs erken tot die omvang van verhaalbare uitgawes aangegaan.

Wat betref graanverkoopstransaksies word prysrisikoblootstelling met betrekking tot aankope verskans deur verkope aan die termynbeurs Safex. Waar die doelwit dus verskansing is eerder as lewering aan Safex word hierdie transaksies geëlimineer uit verkope en apart openbaar, as waarde van sake gedoen.

Direkte leweringstransaksies met betrekking tot brandstof, kunsmis, saad en ander boerderyinsette word apart openbaar onder waarde van sake gedoen, aangesien die aard daarvan voldoen aan agentskapsbeginsels eerder as optrede as prinsipaal. Die onderliggende rede vir die transaksies is finansiering. Die kommissie verdien op die transaksies word steeds verantwoord as inkomste.

Dividende ontvang uit beleggings word erken wanneer die laaste datum vir registrasie verstryk het.

1.12 FINANSIËLE INSTRUMENTE EN BILLIKE WAARDE

Finansiële bates word erken wanneer die Groep die reg of toegang tot ontvangs van ekonomiese voordele het. Sodanige bates bestaan uit kontant, 'n kontraktuele reg om kontant te ontvang of 'n ander finansiële bate. Finansiële verpligtinge word erken waar daar 'n verpligting is om ekonomiese voordele oor te dra en daardie verpligting 'n kontraktuele verpligting is om kontant of 'n ander finansiële bate of om 'n finansiële instrument oor te dra aan 'n ander entiteit.

Afgeleide finansiële instrumente

Afgeleide instrumente word deur die Groep gebruik in die bestuur van besighedsrisiko's. Dit word aanvanklik in die balansstaat teen die kosprys erken en daarna teen die billike waarde herwaardeer. Die metode om die gevolglike wins of verlies te erken, is afhanklik van die aard van die item wat verskans word. Die Groep ken sekere finansiële instrumente toe as:

- 'n verskansing van die billike waarde van 'n erkende bate of verpligting (billike waarde verskansing); óf
- 'n verskansing van 'n vooruit transaksie of van 'n vaste verbintenis (kontantvloei verskansing).

Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegeken is en kwalifiseer as 'n billike waarde verskansing, en ook hoogs effektief is, word in die inkomstestaat verantwoord tesame met enige veranderinge in die billike waarde van die

verskanste bate of verpligting wat toeskryfbaar is aan die verskansingsrisiko en word dus effektief verreken. Verandering in die billike waarde van afgeleide instrumente wat toegeken is en kwalifiseer as 'n kontantvloeierverskansing, en ook hoogs effektief is, word in ekwiteit verantwoord. Indien die vooruit transaksie of vaste verbintenis tot gevolg het dat 'n bate of verpligting erken word, word die winste en verlies wat vroeër in ekwiteit uitgestel is, oorgeplaas vanaf ekwiteit en ingesluit in die aanvanklike bepaling van die koste van die bate of verpligting. Andersins word bedrae uitgestel in ekwiteit, oorgeplaas na die inkomtestaat en geklassifiseer as inkomste of uitgawe in dieselfde periode as wat die verskanste vaste verbintenis of vooruit transaksie die inkomtestaat beïnvloed.

Veranderinge in die billike waarde van enige afgeleide instrument wat nie kwalifiseer vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na RE 133 nie, word onmiddellik in die inkomtestaat erken.

Indien 'n verskansingsinstrument verval of verkoop word, of indien 'n verskansing nie meer aan die kriteria vir verskansingsrekeningkundige verantwoording met verwysing na RE 133 voldoen nie, word enige kumulatiewe wins of verlies wat op daardie stadium in ekwiteit bestaan, in ekwiteit behou en erken wanneer die vaste verbintenis of vooruit transaksie finaal in die inkomtestaat erken word. Indien daar verwag word dat 'n vaste verbintenis of vooruit transaksie nie meer sal plaasvind nie, word die gerapporteerde kumulatiewe wins of verlies onmiddellik na die inkomtestaat oorgeplaas.

Die Groep dokumenteer tydens die ontstaan van die transaksie die verwantskap tussen die verskansingsinstrument en die verskanste item, asook die risikobestuursdoelwit en strategie vir die aangaan van verskansingstransaksies. Insluitende in hierdie proses word alle afgeleide instrumente as verskansings aan spesifieke bates en verpligting of aan spesifieke vaste verbintenisse of vooruit transaksies toegeken. Die Groep dokumenteer ook beide die waardasies, tydens die ontstaan asook op 'n deurlopende basis, om te bepaal of die afgeleide instrument wat gebruik word in verskansingstransaksies wel hoogs effektief is om die verandering in billike waarde of kontantvloei van die verskanste items te verreken.

Kommoditeitstermynkontrakte

Die Groep tree op in verskeie oor die toonbank toekomstige koop- en verkoopkontrakte vir die koop en verkoop van graankommoditeite. Sodanige kontrakte word oorspronklik in

die balansstaat teen kosprys erken en word dan teen billike waarde herwaardeer. Hierdie kontrakte vorm deel van die Groep se risikobestuursbeleid en verskansingstrategie. Enige toename en/of afname in die vereiste bedrag om die bate of las te vereffen of te verhaal, word verreken teen die ooreenstemmende beweging in die waarde van die verskansingsinstrument. Die winste en verliese word dus verreken vir verslagdoeningsdoeleindes.

Valutatermynkontrakte

Valutatermynkontrakte word gebruik deur die Groep in die bestuur van blootstelling aan valuta fluktuasies en word dus effektief gebruik om risiko's in die verband vas te pen. Dit is hoogs effektiewe verskansingsinstrumente soos gedefinieer deur die rekeningkundige standpunt RE 133 en word dus herwaardeer teen die instrument se billike waarde. Aanpassings word verreken teen die onderliggende bate of las se billike waarde aanpassing.

Billike waarde

Die billike waarde van afgeleide instrumente is gebaseer op gekwoteerde markpryse op die balansstaatdatum. Die billike waarde van buitelandse valutatermynkontrakte word vasgestel deur gebruik te maak van valutatermyn-markkoerse soos op die balansstaatdatum. Finansiële bates en verpligtinge met 'n vervaldatum wat minder as een jaar is, se billike waarde word aanvaar as die sigwaarde min enige beraamde kredietaanpassings. Die billike waarde van nie-bedryfsfinansiëleverpligtinge word beraam deur die toekomstige kontraktuele kontantvloei te verdiskonteer teen die huidige markrentekoerse wat vir soortgelyke instrumente vir die Groep beskikbaar is.

Weerafgeleide verskansingsinstrumente

Hierdie instrumente is opsie-instrumente wat verskansing bied teen die betaling van 'n premie teen rampspoedige weerstande gedurende die somer graanverbouingstydperk en verskans dus indirek graan se inkomstes gegrond op volumes. Premies word by betaling onmiddellik erken in die inkomtestaat. Geen billike waarde aanpassing word gemaak op jaareinde nie aangesien voordele eers kan ontstaan indien die gestelde gemiddelde weerindeksyfers vir twee seisoene oortref word. Dit bevat dus geen waarde tussentyds nie.

Verrekening

Waar 'n wettige reg vir verrekening bestaan vir erkende finansiële bates en laste en daar 'n bedoeling is om die betrokke bates en laste gelyktydig op 'n netto basis te vereffen, word sodanige bedrae teen mekaar verreken.

Rekeningkundige beleid

vervolg...

Openbaarmaking in verband met finansiële instrumente waarby die Groep 'n party is, word getoon in aantekening 23.

1.13 BUITELANDSE VALUTATRANSAKSIES

Transaksies in buitelandse valuta word omgeskakel teen die lokokoers op transaksiedatum. Monetêre bates en/of laste in buitelandse valuta word omgeskakel in Suid-Afrikaanse rand deur gebruik te maak van die lokokoers op finansiële jaareinde.

Winst en verlies wat ontstaan met die vereffening of verhaling van sodanige transaksies word in die inkomtestaat erken.

1.14 KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

Kontant en kontantekwivalente, wat 'n geïntegreerde deel van kontantbestuur uitmaak, sluit in kontant op hande en oortrokke banksaldo's. Oortrokke banksaldo's word as bedryfslaste getoon.

Vir doeleindes van die kontantvloei staat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant en kontantekwivalente soos hierbo gedefinieer, na inagneming van oortrokke bankrekeninge.

1.15 BEDRYFSHURE

Hure van eiendom, aanleg en toerusting waar in wese al die risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg van 'n bate deur die verhuurder behou word, word as bedryfshure geklassifiseer. Betalings gemaak vir bedryfshure word in die inkomtestaat erken op 'n reguitlynbasis oor die tydperk van die huurkontrak.

1.16 HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

Debiteure word getoon teen 'n verwagte realiseerbare waarde daarvan; dit is die oorspronklike faktuurbedrag min enige voorsienings geskep deur middel van waardedalinge. 'n Voorsiening vir waardedaling word bereken indien daar bewyse is dat die Groep nie alle bedrae, soos vasgestel in die oorspronklike terme, van die debiteure kan verhaal nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drawaarde en die verhaalbare bedrag, wat die teenswoordige waarde van toekomstige kontantvloei is, verdiskonteer teen die markkoers of rente soos op soortgelyke debiteure toegepas. Slegte skulde word afgeskryf in die jaar waarin dit geïdentifiseer word of plaasvind.

1.17 WAARDEDALING VAN BATES

Alle kategorieë bates word by verslagdoening heroorweeg vir waardedaling. (Sien aantekening 2 en 25.) Waardedaling van bates word bereken wanneer die drabedrag van bates die

verhaalbare bedrag oorskry en is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate sy verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag word bepaal as die grootste van die netto verkoopsprys en die gebruikswaarde van 'n bate.

Die gebruikswaarde van 'n bate word bepaal as die huidige waarde van die toekomstige kontant in- en uitvloeï wat uit voortgesette gebruik van die bate verkry sal word, verdiskonteer teen 'n gepaste diskontokoers vir die betrokke bate.

1.18 VOORSIENINGS, VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHED E N BATES

Voorsienings en ander aanspreeklikhede

Voorsienings is aanspreeklikhede waarvan die tydsberekening en bedrag onseker is en kan dus van ander krediteure onderskei word om hierdie rede. Voorsienings word slegs erken as:

- daar 'n huidige onafwendbare of wetlike verpligting is weens 'n vorige gebeurtenis wat reeds plaasgevind het;
- uitvloeï van ekonomiese voordele waarskynlik is om die verpligting na te kom; en
- 'n betroubare raming van die bedrag gemaak word.

Voorsienings word openbaar in aantekening 17.

Aanspreeklikhede is huidige verpligtinge wat spruit uit vorige gebeure waarvan die nakoming na verwagting daartoe sal lei dat ekonomiese voordele uit die onderneming sal vloei en word erken sodra die gebeurtenis, wat aanleiding tot die verpligting gegee het, plaasgevind het.

Aanspreeklikhede vorm deel van krediteure in die balansstaat.

Voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorwaardelike aanspreeklikhede is 'n moontlike verpligting wat spruit uit vorige gebeure en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind of nie-plaasvind van een of meer onseker toekomstige gebeurtenisse wat nie binne volle beheer van die onderneming is nie.

Dit kan ook ontstaan uit 'n huidige verpligting uit vorige gebeure maar word nie erken nie omdat:

- dit onwaarskynlik is dat uitvloeï van ekonomiese middele sal plaasvind; en
- die bedrag nie betroubaar gemeet of beraam kan word nie.

Voorwaardelike aanspreeklikhede word nie te boek gestel nie, maar word bloot by wyse van aantekening in die finansiële state geopenbaar. (Sien aantekening 19.)

Voorwaardelike bates

Voorwaardelike bates is moontlike ekonomiese voordele wat spruit uit vorige gebeure en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die plaasvind of nie-plaasvind van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie binne volle beheer van die onderneming is nie.

Voorwaardelike bates word nie erken nie, maar slegs by wyse van aantekening geopenbaar.

1.19 SEGMENTVERSLAGDOENING

Die Groep se primêre formaat vir segment verslagdoening is die volgende besigheidsegmente: Insetverskaffing, Marktoegang, Nywerhede en Korporatiewe items.

Intersegmentele oordragte: Segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultate sluit oordragte tussen besigheidsegmente in. Hierdie oordragte geskied op 'n armlengtebasis en word op konsolidasie geëlimineer.

Segmentinkomste en -uitgawes: Die inkomste en uitgawes wat direk verwant is aan segmente word spesifiek na daardie segmente geallokeer.

Segmentbates en -laste: Segmentbates sluit alle bedryfsbates in wat deur 'n segment gebruik word en sluit hoofsaaklik in kontant, bedrae ontvangbaar, voorraad en eiendom, aanleg en toerusting, netto van voorsienings. Segmentlaste sluit alle bedryfsverpligtinge in en bestaan hoofsaaklik uit bedrae betaalbaar.

1.20 VERGELYKENDE SYFERS

Waar rekeningkundige beleid verander het gedurende die jaar en die resultaat daarvan wesenlik is ten opsigte van die begrip van die finansiële posisie van die Groep, is die vergelykende syfers hersaamgestel of herstateer.

Balansstaat

soos op 30 April

		GROEP		MAATSKAPPY	
		2005	2004	2005	2004
		R'm	R'm	R'm	R'm
Aante- kening					
BATES					
Nie-bedryfsbates					
Eiendom, aanleg en toerusting	2	216	224	179	186
Belegging in filiale	3	-	-	46	46
Finansiële bates	4	2	71	2	71
Uitgestelde belasting	18.1	51	86	50	82
		269	381	277	385
Bedryfsbates					
Voorraad	6	295	730	267	672
Handels- en ander debiteure	7	933	767	891	715
Korttermynlenings	8	14	18	29	48
Agentskapsgraandebiteure	9	341	235	348	261
Kontant en kontantekwivalente	12.3	12	21	11	21
		1 595	1 771	1 546	1 717
TOTALE BATES					
		1 864	2 152	1 823	2 102
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE					
Kapitaal en reserwes					
Aandelekapitaal	10	1	1	1	1
Aandelepremie	11.1	74	74	74	74
Nie-verdeelbare reserwe	11.2	322	357	321	353
Onaangewende inkomste		221	137	217	136
		618	569	613	564
Nie-bedryfslaste					
Langtermynlaste	13	3	4	1	1
Na-aftrede verpligtinge	14	66	56	65	55
		69	60	66	56
Bedryfslaste					
Handels- en ander krediteure	15	330	374	297	333
Rentedraende korttermynlenings	16	812	1 067	812	1 067
Lopende deel van langtermynlenings	13	-	-	-	-
Aandeelhouders vir dividende		3	-	3	-
Voorsienings	17	32	82	32	82
		1 177	1 523	1 144	1 482
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE					
		1 864	2 152	1 823	2 102

Inkomstestaat

vir die jaar geëindig 30 April

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Inkomste	#				
Dienste gelewer		494	476	500	476
Rente ontvang		89	127	89	127
Ander bedryfsaktiwiteite		3 667	3 876	3 360	2 927
Inkomste	#	4 250	4 479	3 949	3 530
Ander					
Verskansingstransaksies		4 703	4 627	4 703	4 627
Direkte transaksies		563	549	563	549
Waarde van sake gedoen	#	9 516	9 655	9 215	8 706
Inkomste		4 250	4 479	3 949	3 530
Koste van verkope		(3 376)	(3 498)	(3 133)	(2 694)
Bruto wins		874	981	816	836
Distribusie- en verkoopsadministratiewe uitgawes		(566)	(660)	(516)	(546)
Bedryfswins	21	308	321	300	290
Finansieringskoste		(84)	(135)	(84)	(129)
Wins na finansieringskoste		224	186	216	161
Beleggingsinkomste	22	14	14	17	33
Wins voor belasting		238	200	233	194
Inkomstebelasting	18	(43)	(32)	(38)	(30)
Netto wins		195	168	195	164
Verdiens te per aandeel (sent)	24.1	96,8	83,0		
Wesensverdiens te per aandeel (sent)	24.2	50,2	63,3		
Wesensverdiens te per aandeel – uitgesluit abnormale items (sent)	24.4	59,7	49,4		
Dividend per aandeel (sent)		47,5	-		

Sien Rekeningkundige beleid 1.11.

Staat van verandering in ekwiteit

vir die jaar geëindig 30 April

	Aandele- kapitaal R'm	Aandele- premie R'm	Nie-ver- deelbare reserwe R'm	Onaange- wende in- komste/ (opgelope verlies) R'm	Totaal R'm
GROEP					
Saldo op 30 April 2003	1	73	385	(87)	372
Netto wins	-	-	-	168	168
Onderlinge aandeelhouing	-	2	-	-	2
Terugkoop van eie aandele	-	(1)	(1)	-	(2)
Verskansingsrekeningkunde	-	-	5	-	5
Billike waarde aanpassing (RE 133)	-	-	-	24	24
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	(32)	32	-
Saldo op 30 April 2004	1	74	357	137	569
Netto wins	-	-	-	195	195
Dividende betaal	-	-	-	(95)	(95)
Billike waarde aanpassing na inkomstestaat (RE 133)	-	-	-	(51)	(51)
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	(35)	35	-
Saldo op 30 April 2005	1	74	322	221	618
MAATSKAPPY					
Saldo op 30 April 2003	1	75	384	(82)	378
Netto wins	-	-	-	164	164
Terugkoop van eie aandele	-	(1)	(1)	-	(2)
Billike waarde aanpassing (RE 133)	-	-	-	24	24
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	(30)	30	-
Saldo op 30 April 2004	1	74	353	136	564
Netto wins	-	-	-	195	195
Dividende betaal	-	-	-	(95)	(95)
Billike waarde aanpassing na inkomstestaat (RE 133)	-	-	-	(51)	(51)
Oordrag vanaf nie-verdeelbare reserwe	-	-	(32)	32	-
Saldo op 30 April 2005	1	74	321	217	613

Kontantvloeistaat

vir die jaar geëindig 30 April

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
NETTO KONTANTVLOEI UIT BEDRYFS- AKTIWITEITE		155	(207)	130	(241)
Kontant deur bedrywighede voortgebring	27	325	348	310	309
Verhoging in bedryfskapitaal	28	(8)	(434)	(21)	(454)
Beleggingsinkomste		14	14	17	33
Inkomstebelasting betaal	29	-	-	-	-
Finansieringskoste betaal		(84)	(135)	(84)	(129)
Dividende betaal	30	(92)	-	(92)	-
NETTO KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGS- AKTIWITEITE		92	231	115	37
Aankoop van eiendom, aanleg en toerusting	31	(40)	(21)	(38)	(20)
Opbrengs met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	32	10	43	10	43
(Toename)/afname in beleggings		120	30	120	(34)
Netto opbrengs met verkoop van filiale		-	187	-	61
(Toename)/afname in korttermynlenings toegestaan		2	(8)	23	(13)
NETTO KONTANTVLOEI VOOR FINANSIERINGSAKTIVITEITE		247	24	245	(204)
NETTO KONTANTVLOEI UIT LANGTERMYN FINANSIERINGSAKTIVITEITE					
Terugkoop van eie aandele		-	(2)	-	(2)
Afname in langtermynlenings	33	(1)	-	-	-
NETTO TOENAME/(AFNAME) IN KONTANT		246	22	245	(206)
Netto korttermynlenings na inagneming van kontant aan begin van die tydperk		(1 046)	(1 068)	(1 046)	(840)
NETTO KORTTERMYNLENINGS NA INAGNEMING VAN KONTANT AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK	12.3	(800)	(1 046)	(801)	(1 046)

Aantekeninge tot die finansiële state

1. SEGMENTONTLEDING

1.1 SEGMENTRESULTATE

	GROEP Segmentinkomste		GROEP Segmentresultaat (voor belasting)	
	2005 Totaal R'm	2004 Totaal R'm	2005 Totaal R'm	2004 Totaal R'm
Insetverskaffing	1 035	1 074	(12)	(37)
Marktoegang	2 887	2 336	177	197
Nywerhede	425	403	9	15
Normale bedryfsaktiwiteite	4 347	3 813	174	175
Eindigende bedrywe	-	739	-	23
Nie-toedeelbaar en korporatief	10	12	(35)	(40)
Intersegment verkope aan ander segmente	(107)	(85)	-	-
Beleggingsinkomste	-	-	14	14
Abnormale items	-	-	85	28
	4 250	4 479	238	200

1.2 SEGMENT BALANSSTAATINLIGTING

	GROEP Bates		GROEP Laste		GROEP Netto	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Insetverskaffing	784	754	(182)	(159)	602	595
Marktoegang	812	961	(55)	(161)	757	800
Nywerhede	98	153	(36)	(65)	62	88
Eindigende bedrywe	-	11	-	(8)	-	3
	1 694	1 879	(273)	(393)	1 421	1 486
Nie-toedeelbaar en Korporatief	113	116	(108)	(99)	5	17
Beleggings	7	82	-	-	7	82
	1 814	2 077	(381)	(492)	1 433	1 585
Uitgestelde belasting	51	86	-	-	51	86
Bank	12	21	-	-	12	21
Voorsiening na-aftrede medies	-	-	(66)	(56)	(66)	(56)
Korttermynlenings	-	-	(812)	(1 067)	(812)	(1 067)
	1 877	2 184	(1 259)	(1 615)	618	569
Rekonsiliasie van segmentbates en -laste						
Totale bates of laste	1 864	2 152	(1 246)	(1 583)	618	569
Konsolidasie-inskrywings	(13)	(32)	13	32	-	-
Segmentontleding	1 877	2 184	(1 259)	(1 615)	618	569

1.3 SEGMENT AANTOONBARE ITEMS

	GROEP Kapitaal uitgawes		GROEP Depresiasie		GROEP Waardedaling	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Insetverskaffing	5	1	3	3	11	-
Marktoegang	29	8	12	11	-	-
Nywerhede	5	5	5	4	-	1
Korporatief	2	9	13	9	-	-
	41	23	33	27	11	1

	Nie-kontant- transaksies		Herstruktureringskoste		Intersegment-verkope	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Insetverskaffing	5	39	-	4	-	-
Marktoegang	43	20	-	-	82	38
Nywerhede	(1)	(1)	-	-	25	35
Eindigende bedrywe	-	(6)	-	-	-	12
Korporatief	30	(10)	-	-	-	-
	77	42	-	4	107	85

1.4 Geen ontleding in geografiese segmente word gedoen nie aangesien geen wesentliche segment in 'n aparte geografiese ligging bedryf word nie.

1.5 Die samestelling vir elke segment se inkomste en resultaat word soos hieronder uiteengesit:

<i>Marktoegang</i>	Vergoeding ontvang vir die hantering en opberging van landbouprodukte sowel as die totale inkomste van graan verkoop wat nie op agentskapbasis hanteer is nie asook kommissie verdien met bemaking van graan.
<i>Insetverskaffing</i>	Verkope by die handelswinkels asook direkte verkooptransaksies van boerdery-insette insluitende kredietverskaffing asook versekering en makelaarsdienste.
<i>Nywerhede</i>	Vervaardiging en verwerking van veevoere, wyn en saad.
<i>Korporatief</i>	Landboukundige dienste, skryfbehoeftes, hoofkantoor dienste, inligtingstechnologie, menslike hulpbronne, eiendomme, vlootbeheer, sekretariaat, korporatiewe bemaking, interne ouditeure, korporatiewe finansies, Viljoenskroon dienste en direkteure.

Aantekeninge tot die finansiële state

vervolg...

2. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Kosprys	527	501	466	443
Grond	3	3	3	3
Geboue en verbeterings	221	218	195	192
Masjinerie en toerusting	265	244	235	216
Voertuie	37	36	33	32
Kapitale werk onder konstruksie	1	-	-	-
Opgelope depresiasie en waardedalings	(311)	(277)	(287)	(257)
Grond	-	-	-	-
Geboue en verbeterings	(97)	(93)	(94)	(90)
Masjinerie en toerusting	(188)	(158)	(169)	(142)
Voertuie	(26)	(26)	(24)	(25)
Totale drawaarde	216	224	179	186

- 2.1 Die registers ten opsigte van grond en geboue is ter insae by die geregistreerde kantore van die betrokke maatskappye.
- 2.2 Sekere bates is beswaar soos uiteengesit in aantekening 13.7 en 16.1.
- 2.3 Kapitaalverpligtinge van die Groep is uiteengesit in aantekening 20.

Rekonsiliasie van bewegings op eiendom, aanleg en toerusting vir 2005:

	Drawaarde begin van tydperk R'm	Aankope en aansui- werings R'm	Verkope R'm	Depre- siasie R'm	Waarde- dalings voorsien R'm	Drawaarde einde van tydperk R'm
GROEP – 2005						
Grond	3	1	(1)	-	-	3
Geboue en verbeterings	125	10	(3)	(5)	(3)	124
Masjinerie en toerusting	86	25	(1)	(25)	(8)	77
Voertuie	10	4	-	(3)	-	11
Kapitale werk onder konstruksie	-	1	-	-	-	1
	224	41	(5)	(33)	(11)	216
MAATSKAPPY – 2005						
Grond	3	1	(1)	-	-	3
Geboue en verbeterings	102	10	(3)	(5)	(3)	101
Masjinerie en toerusting	74	23	(1)	(22)	(8)	66
Voertuie	7	4	-	(2)	-	9
	186	38	(5)	(29)	(11)	179

Rekonsiliasie van bewegings op eiendom, aanleg en toerusting vir 2004:

	Drawaarde begin van tydperk R'm	Aankope en aansui- werings R'm	Verkope R'm	Depre- siasie R'm	Waarde- dalings voorsien R'm	Drawaarde einde van tydperk R'm
GROEP – 2004						
Grond	4	-	(1)	-	-	3
Geboue en verbeterings	144	3	(17)	(5)	-	125
Masjinerie en toerusting	99	14	(7)	(19)	(1)	86
Voertuie	9	5	(1)	(3)	-	10
Kapitale werk onder konstruksie	1	(1)	-	-	-	-
	257	21	(26)	(27)	(1)	224
MAATSKAPPY – 2004						
Grond	4	-	(1)	-	-	3
Geboue en verbeterings	110	3	(7)	(4)	-	102
Masjinerie en toerusting	81	13	(2)	(17)	(1)	74
Voertuie	7	4	(1)	(3)	-	7
	202	20	(11)	(24)	(1)	186

3. BELEGGING IN ONGENOTEERDE FILIALE

MAATSKAPPY – 2005

	Totale uitgereikte aantal aandeel	% belang	Aan- dele R'm	Aandele voorsien R'm	Kortter- myn lenings R'm	Lenings voor- sien R'm	Totale netto be- leggings R'm
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	11 054	100	25	(6)	-	-	19
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	4 500 000	100	-	-	7	(7)	-
Kroon Koelkamers (Edms) Bpk	10 000	100	-	-	-	-	-
Senlou Finansiële Dienste (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-	-
Senwesko Voere (Edms) Bpk	500	100	27	-	13	-	40
			52	(6)	20	(7)	59
Netto belegging in aandele				46			46
Netto belegging in korttermyn lenings						13	13

Aantekeninge tot die finansiële state

vervolg...

3. BELEGGING IN ONGENOTEERDE FILIALE (vervolg)

MAATSKAPPY – 2004

	Totale uitgereikte aantal aandele	% belang	Aan- dele R'm	Aandele voorsien R'm	Kort- termyn lenings R'm	Lenings voorsien R'm	Totale netto be- leggings R'm
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	11 054	100	25	(6)	-	-	19
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	4 500 000	100	-	-	9	(8)	1
Kroon Koelkamers (Edms) Bpk	10 000	100	-	-	-	-	-
Manie Bosch Makelaars (Edms) Bpk	2	100	-	-	-	-	-
Senlou Finansiële Dienste (Edms) Bpk	100	100	-	-	-	-	-
Senvleis (Edms) Bpk	150	100	-	-	-	-	-
Senwesko Voere (Edms) Bpk	500	100	27	-	26	-	53
Vaalharts Ruvoere & Produkte (Edms) Bpk	500	100	-	-	-	-	-
			52	(6)	35	(8)	73
Netto belegging in aandele				46			46
Netto belegging in korttermyn lenings						27	27

Maatskappy – beweging gedurende 2005

	Aante- kening	Aandele R'm	Aandele voorsien R'm	Kort- termyn- lenings R'm	Lenings voorsien R'm	Totale netto be- legging R'm
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	3.2	-	-	-	-	-
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	3.1	-	-	(2)	1	(1)
Kroon Koelkamers (Edms) Bpk	3.1	-	-	-	-	-
Senlou Finansiële Dienste (Edms) Bpk		-	-	-	-	-
Senwesko Voere (Edms) Bpk	3.1	-	-	(13)	-	(13)
		-	-	(15)	1	(14)
Netto beweging in aandele			-			-
Netto beweging in korttermynlenings					(14)	(14)

3.1 Behalwe waar spesifiek anders aangedui is die korttermynlenings onverseker, dra rente teen wisselende koerse wat op jaareinde 8,12% (2004 – 8,63%) beloop het en het geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie.

3.2 Absa het 'n geregistreerde sessie oor die aandele van Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk.

3.3 Netto resultate van filiale na belasting (100%)

		MAATSKAPPY	
		2005	2004
		R'm	R'm
Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk		-	-
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk		1	-
Kroon Koelkamers (Edms) Bpk		-	-
Senlou Finansiële Dienste (Edms) Bpk		-	-
Senwesko Voere (Edms) Bpk (Groep)		(1)	8

3.4 Aard van besigheid en direkteurwaardasie #:

Charel de Klerk Street Properties (Edms) Bpk	- Eiendomsmaatskappy	19	19
Hartswater Wynkelder (Edms) Bpk	- Wynkelder	-	-
Kroon Koelkamers (Edms) Bpk	- Dormant	-	-
Senlou Finansiële Dienste (Edms) Bpk	- Versekeringsmakelaars	-	-
Senwesko Voere (Edms) Bpk	- Veevoerbedryf	28	29

- Direkteurwaardasies is gegrond op die netto batewaarde volgens die jongste beskikbare finansiële state.

4. FINANSIËLE BATES

		GROEP		MAATSKAPPY	
		2005	2004	2005	2004
		R'm	R'm	R'm	R'm
Beskikbaar-vir-verkoop					
finansiële bates	4.1	1	69	1	69
Ongenoteerde publieke maatskappye	4.2	-	68	-	68
Ander beleggings	4.3	1	1	1	1
Ander finansiële bates					
Lenings	4.4	1	2	1	2
		2	71	2	71

4.1 BESKIKBAAR-VIR-VERKOOP FINANSIËLE BATES

Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates bestaan uit beleggings in ongenoteerde gewone aandele en het dus geen vervaldatum of koepkoers nie.

Aantekeninge tot die finansiële state

vervolg...

4. FINANSIËLE BATES (vervolg)

4.2 ONGENOTEERDE PUBLIEKE MAATSKAPPY

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Aandele teen kosprys	-	17	-	17
Pioneer Voedsel Bpk	-	16	-	16
Ander diverse	-	1	-	1
Openingsbalans aansuiwering	-	27	-	27
Billike waarde aanpassing	-	24	-	24
	-	68	-	68

	DIREKTEURSWAARDASIE		DIREKTEURSWAARDASIE	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Pioneer Voedsel Bpk	-	67	-	67
Ander diverse	-	1	-	1
	-	68	-	68

4.3 ANDER BELEGGINGS

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Aantekening				
Ander aandele	4.3.1	1	1	1

4.3.1 Ander aandele

Registers van ander aandele en lenings wat minimale bedrae beloop, is ter insae by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy.

4.4 LENINGS

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Aantekening				
Versekureer	-	1	-	1
Personeel – motorskema	-	-	-	-
Personeel – behuising	4.4.1	1	-	1
Onversekureer				
Personeel – Studiefonds	4.4.2	1	1	1
	1	2	1	2

4.4.1 Versekureer ingevolge 'n verband oor die betrokke eiendom, terugbetaalbaar binne 20 jaar teen 'n rentekoers van 5% per jaar.

4.4.2 Hierdie lening het geen vaste rentekoers of terugbetalingsvoorwaardes nie. Rentekoers het op jaareinde 10,5% (2004 – 11,5%) beloop.

5. BELANG IN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

5.1 NOORDWES VOERE (EDMS) BPK

	GROEP	
	2005	2004
Noordwes Voere (Edms) Bpk	50%	50%

Noordwes Voere (Edms) Bpk se 50% belang word deur 'n volfiliaal van die Groep, Senwesko Voere (Edms) Bpk, gehou.

Die jaareinde van die gesamentlike onderneming is 28 Februarie maar finansiële state waarop 'n oorsigoudit uitgevoer is, is op 30 April 2005 opgestel. Die syfers volgens die oorsigoudit is gebruik met die opstel van die Groepstate.

Die Groep se proporsionele belang in die bates en laste van die gesamentlike onderneming, wat ingesluit is in die gekonsolideerde finansiële state, is soos volg:

	2005 R'm	2004 R'm
Bates	24	27
Laste	17	24

Die Groep se proporsionele belang in die inkomste en uitgawes van die gesamentlike onderneming is soos volg:

	2005 R'm	2004 R'm
Inkomste	97	96
Netto wins	4	2

Die Groep se proporsionele belang in die kontantvloei van die gesamentlike onderneming is soos volg:

	2005 R'm	2004 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	8	(2)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(2)	(1)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(6)	3

Aantekeninge tot die finansiële state

vervolg...

5. BELANG IN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS (vervolg)

5.2 SILO CERTS (EDMS) BPK

GROEP

	2005	2004
Silo Certs (Edms) Bpk	42,5%	42,5%

Die jaareinde van die gesamentlike onderneming is 28 Februarie, maar finansiële state waarop 'n oorsigoudit uitgevoer is, is op 30 April 2005 opgestel. Die syfers volgens die oorsigoudit is gebruik met die opstel van die Groepstate.

Die Groep se proporsionele belang in die bates en laste van die gesamentlike onderneming, wat ingesluit is in die gekonsolideerde finansiële state, is soos volg:

	2005 R'm	2004 R'm
Bates	-	-
Laste	-	-

Die Groep se proporsionele belang in die inkomste en uitgawes van die gesamentlike onderneming is soos volg:

	2005 R'm	2004 R'm
Inkomste	-	-
Netto verlies	(2)	(1)

Die Groep se proporsionele belang in die kontantvloei van die gesamentlike onderneming is soos volg:

	2005 R'm	2004 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	(1)	(1)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	1	1
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	-	-

MAATSKAPPY

	2005 R'm	2004 R'm
Belegging Silo Certs (Edms) Bpk	2	1
Aandele	(2)	(1)
Vorsiening vir afskrywing van aandele	-	-

6. VOORRAAD

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Grondstowwe en onvoltooide werk		28	49	8	1
Handelsware	6.1, 6.3	191	185	186	178
Gebruiksmateriaal		8	14	5	11
Graankommoditeite	6.5	68	482	68	482
	6.2, 6.4	295	730	267	672

6.1 Ingesluit hierby is vloerplanvoorraad van R65,5 miljoen (2004 – R22,2 miljoen) wat onderhewig is aan beswa-
ring volgens ooreenkoms met die toepaslike heelwerktuigvervaardigers.

6.2 Voorraad word soos volg gewaardeer:

	GROEP		Waardasiemetode
	2005 R'm	2004 R'm	
Graanvoorraad & handelsware	192	177	Geweegde gemiddeld
Grondbone en spilpunt voorraad	14	2	Standaard koste metode
Graankommoditeite	68	482	Spesifieke kontrakprys/billike waarde
Ander voorraad	21	69	Eerste-in-eerste uit
	295	730	

6.3 Ingesluit in die Maatskappy voorraad – handelsware is 'n voorsiening vir stadig bewegende en verouderde
van R21,4 miljoen (2004 – R21,8 miljoen).

Ingesluit in die Groep voorraad – handelsware is 'n voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voor-
raad van R21,9 miljoen (2004 – R22,4 miljoen).

6.4 Voorraad van R151 miljoen (2004 – R499 miljoen) van die Maatskappy en Groep dien as sekuriteit vir
lenings toegestaan deur Land Bank soos per aantekening 16.1.

6.5 GRAANKOMMODITEITE

Hierdie bedrae verteenwoordig graanvoorraad aangekoop vanaf produsente waarvan die prysrisiko verskans is
op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs (Safex). Variasiemarges word ook teen hierdie item verreken en gevolglik is
die drawaarde gelyk aan die billike waarde daarvan.

Aantekeninge tot die finansiële state

vervolg...

7. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Handelsdebiteure		796	616	749	563
Produksierekenings	7.1	459	466	459	466
Lopende rekenings	7.2	167	150	120	97
Graanvoorskotte	7.3	170	-	170	-
Termyndebiteure	7.4	76	83	76	83
Verskuldig deur filiale		-	-	1	1
Diverse debiteure		145	129	145	126
Min: Voorsiening vir waardedaling		(84)	(61)	(80)	(58)
	7.5	933	767	891	715

7.1 Produksierekening-debiteure dra rente teen koerse wat wissel van tussen prima min ½% tot prima plus 5%.

7.2 Lopende rekeninge dra geen rente nie. Rente word teen die Woekerwetkoers gehef wanneer hierdie debiteure agterstallig is.

7.3 Oop Safex posisies by Graanvoorskotdebiteure dra geen rente nie. Sodra die Safex posisie gelikwedeer word dra die verskuldigde bedrag rente teen die Woekerwetkoers.

7.4 Verteenwoordig debiteure ten opsigte van items verkoop oor wisselende termyne tot 60 maande. Die onderliggende bate dien as sekuriteit vir die ooreenoms. Rentekoerse is markverwant en is beide wisselend en vas na gelang van die spesifieke ooreenkomste.

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Bruto belegging in finansieringsbruikhure	88	95	88	95
Min: Onverdiende finansieringsinkomste	(12)	(12)	(12)	(12)
	76	83	76	83

Die toekomstige minimum huurontvangstes onder afbetalingsverkoopsooreenkomste is soos volg:

	GROEP		MAATSKAPPY	
	2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Binne 'n jaar	47	44	47	44
Langer as 'n jaar en binne vyf jaar	29	51	29	51
	76	95	76	95

7.5 Debiteure van die Maatskappy dien as sekuriteit vir lenings toegestaan deur die Land Bank soos per aantekening 16.1.

8. KORTTERMYNLENINGS

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Filiale netto korttermynlenings	3	-	-	13	27
Senwesbel Bpk	8.1	11	14	11	14
Noordwes Voere (Edms) Bpk	8.2	3	4	5	7
Vaalharts Koöperasie Bpk		-	-	-	-
Lening		5	3	5	3
Voorsiening vir afskrywing		(5)	(3)	(5)	(3)
		14	18	29	48

8.1 Hierdie lening is onverseker, het geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie en dra rente teen die kaskredietkoers van die Land Bank.

8.2 Hierdie lenings dra rente teen 'n koers van een persent laer as die prima uitleenkoers van Absa. Die lenings is onverseker en daar bestaan geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie.

9. AGENTSKAPSGRAANDEBITEURE

	Aante- kening	GROEP		MAATSKAPPY	
		2005 R'm	2004 R'm	2005 R'm	2004 R'm
Agentskapsgraandebiteure	9.1/9.2	341	235	348	261

9.1 Agentskapsgraandebiteure verteenwoordig betalings gemaak ten behoeve van derde partye ten opsigte van landbouprodukte ontvang vanaf produsente en is ontvangbaar by lewering van sodanige landbouprodukte aan kopers. Verkope ten behoeve van verkoopskontrakte waarvoor voorraad as sekuriteit dien word ook hierby ingesluit. Hierdie debiteure dien ook as sekuriteit ten opsigte van lenings toegestaan deur die Land Bank. (Sien aantekening 16.1.) 'n Voorsiening vir waardedaling van R13,7 miljoen (2004 – R13,5 miljoen) is by die saldo ingesluit.

9.2 Ingesluit by hierdie bedrag is 'n netto bedrag ten opsigte van Premier Milling (Edms) Bpk ten bedrae van R26 miljoen. Senwes is besig met 'n arbitrasieproses ingevolge die kontrak met Premier weens 'n dispuut oor die bedrag betaalbaar deur Premier aan Senwes. Senwes se bruto eis, ingeslote rente beloop R43 miljoen. Gegewe die kredietrisiko gekoppel aan die bedrag is die verskil tussen die twee bedrae voorsien as potensieel oninbaar. Premier het in reaksie op Senwes se eis intussen 'n teeneis van R14 miljoen teen Senwes ingestel. Die mening word egter gehuldig dat hierdie eis ongegrond is. As deel van die ooreengekome arbitrasieproses is Senwes se eis reeds geëvalueer deur die eksterne ouditeure en as grondig bevind in terme van tonnemaat gelewer.

Aantekeninge tot die finansiële state

vervolg...

